# HOOFSTUK 3

# DIE VADER SE ROL AS OPVOEDER EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE SEUN

## 3.1 INLEIDING

In hoofstuk twee is nagegaan watter rol die vader deur die eeue en in verskillende kulture in die sin, vervul het. Die invloed wat die vader op, veral die seun, uitgeoefen het, is ook toegelig. Daar is aangetoon hoe die vader se rol in die verskillende kulture en in verskillende tye verander het. Daar is ook besin oor die moontlike bydrae van die vader tot die skolastiese prestasie van die seun. Die moontlikhede van identifikasie van die seun met die vader het ook aandag geniet.

Dit is ook as doel gestel om die bydrae van die vader in die ontwikkeling van die seun vas te stel (vgl. par. 1.1.2). In hierdie hoofstuk word in die besonder aan hierdie doel aandag gegee. Dit hou ook verband met die primêre doel van hierdie navorsing. Die vader se invloed op die skolastiese prestasie van die seun, kan nie anders nie as in opvoedingsverband beskou word. Daarom sal ook aandag aan die begrip opvoeding en die plek en rol van die vader as opvoeder, gegee word. Die bydrae wat die vader in die seun se persoonlikheidsontwikkeling lewer,

word ook aangesny. Die begrippe identifikasie en vaderidentifikasie word breedvoerig in hoofstuk vier bespreek.

## 3.2 OPVOEDING

Die titel van hierdie navorsing omvat twee partye, naamlik vader en kind. Dit sluit ook invloed van die vader op die kind in. Daar word dus besin oor 'n relasie tussen mense, wat egter ook beïnvloeding insluit. Ons het hier 'n opvoedingsituasie met die vader, die opvoeder, aan die een kant en die kind, veral die seun, as opvoedeling, aan die ander kant. Dit is derhalwe nodig om te besin oor die begrip opvoeding, maar ook oor die plek van die vader in die opvoedingsgebeure.

Oberholzer (1954, p. 52-53), Gouws (1961, p. 12), Preller (1969/70, p. 349), Kilian (1963, p. 14), Landman, et al. (1977, p. 160) asook Knoetze (1965, p. 157) verwys almal na opvoeding as die gee van leiding by die grootword van die kind. Hulle wys daarop hoe belangrik dit is om hom te lei op die pad na selfstandigwording, hom te onderskraag totdat hy as selfstandige, verantwoordelike wese self besluite kan neem, waardes herken en eerbiedig. Die wesenlike struktuur van die opvoedingsverskynsel, is die hulp en leiding wat aan die kind gebied word in sy op-weg-wees na die bepaalde bestemming, naamlik die volwassenheid. Gunter (1961, p. 334) noem opvoeding in wese hulpverlening, positiewe beïnvloeding, omhoogleiding van die kind sodat hy 'n volle lewe met en vir sy medemens in

die wêreld en tot eer van God kan lei. Verwysende na "omhoogleiding" sê Schoeman (1975, p. 40-41) dat "opvoeding", indien letterlik beskou, reeds "opwaartse voeding" beteken en daarom "voeding na bo". Vir die Christen-opvoeder het die mens 'n ewigheidsbestemming, en dit volg dus dat omhoogleiding van die opvoedeling dui op omhoogleiding na God self.

Opvoeding is egter baie meer as slegs leiding gee, of ook hulp of steun gee. Dit sluit ook versorging, gewoontevorming en algemene vorming, onder andere verstandsvorming en opleiding in (De Wet en Van Zyl, 1974, p. 1). So is die moeder, wanneer sy haar baba versorg, alhoewel onbewustelik, besig met opvoeding. (Peetoom, 1972, p. 126-127).

Stoker (s.j., p. 59) verwys byvoorbeeld ook na opleiding vir 'n bepaalde beroep, as opvoeding. Die vader, wat die skolastiese prestasie van die seun positief beïnvloed, help hom in die voorbereiding vir 'n spesifieke beroep. Hierdie beïnvloeding van die skolastiese impliseer ook verstandsvorming. Dit dui noodwendig op opvoeding. Die vader staan dus hier midde-in die opvoedingsgebeure. Daar sal dus opvoeding plaasvind uitgaande van vader tot seun.

Heyns (s.j., p. 7) verwys na die leiding wat die kind losruk uit die bestemmingloosheid, die roepingloosheid. Die afhanklikheid, ontoerekenbaarheid, onverantwoordelikheid en onvryheid word omskep in die teenpole, wat dui op 'n staat van groter volwassenheid.

Schoeman (1975, p. 38-43) sien die opvoeder wat besig is met sy praktiese opvoedingsbemoeienis as mens wat besig is met "die vervulling van sy Godwelbehaaglike ontsluitingstaak" waarvoor hy geroep is. Die hoofsaak is daarom ook vir die Christen-gelowige opvoeder die verhouding van die mens tot sy God. Hy verwys verder na opvoeding as die skep van situasies wat lei tot anastatiese ontsluiting. Die Christen-opvoeder het as taak die opwaartse herbinding of terugbinding van die hart. Die ontsluiting, nog altyd in anastatiese rigting, van die opvoedeling, sluit ook 'n verdieping en verruiming van die persoonlikheid in.
Van der Walt, et al. (1977, p. 52) verwys ook na die ontsluiting van die hart van die opvoedeling. Daarom sien hy ook opvoeding as religieuse vorming van die hart van die kind. Van Wyk (1973, p. 51) sê dat die opvoeder deur sy roeping gedring word. Hy rig sy handeling opsetlik op die ander party, die kind, en wel om hom "toe te rus, te help, te lei en oor te haal tot betekenisvolle, bewuste, vrywillige, verantwoordelike en roepingsbewuste aanvaarding van sy lewenstaak". Die lewenstaak van die seun sou beslis ook die voorbereiding vir die uiteindelike lewensroeping insluit. Dit impliseer weer die seun se skolastiese voorbereiding en prestasie. Opvoeding is egter nie slegs gerig op 'n voorbereiding van die kind om sy roeping of taak te vervul nie. As die kind geroepene is, ontstaan die vraag wie roep en waarheen. Vir die Christen-gelowige opvoeder bestaan daar geen twyfel nie. God roep en alle opvoeding en roepingsuitlewing en roepingsvervulling is tot Hom. Daarom ook kan opvoeding nie anders as

Christelike opvoeding wees nie.

Van der Walt, et al. (1977, p. 143) omskryf Christelike opvoeding as: "'n doel- en roepingsbewuste, waarheidsgenormeerde en intramenslike handeling waarby 'n mondige persoon, uit liefde vir God en sy naaste gedronge en in die volle besef van sy roeping tot kosmosontsluiting, 'n onmondige, onontslote persoon/ persone help, rig, lei, oorhaal, vorm en só ontsluit tot 'n vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy roeping om God, in Christus, deur die werking van die Heilige Gees, met sy hele lewe te dien, sy koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder, die kosmos te ontgin en tot volledige ontsluiting te bring".

## 3.3 OPVOEDING IN DIE HUISGESIN

### 3.3.1 Opvoedingstaak van die huisgesin

Die kind is deur God aan die ouers geskenk. Dit is dus 'n gawe van God, geskape na sy beeld. Hierdie kind is dus verbondskind. Onmiddellik impliseer dit 'n opdrag aan die ouers. Hierdie Godgegewe geskenk moet beskerm, gevoed en opgevoed word. Die eerste sprake van Christelike opvoeding is daarom midde-in die gesin geleë.

In die bespreking van die begrip opvoeding, is daarop gewys dat die moeder met opvoeding besig is, selfs as sy haar baba versorg. Dit is allerweë die beskouing

dat die huisgesin die plek is waar opvoeding begin (Waterink, 1951, p. 16). Die gesin vorm die eerste, die primêre opvoedingsgemeenskap, asook die eerste natuurlike opvoedingsinstelling waar die opvoedingsituasie gedy. Die volwassene, die ouer as opvoeder en as die mondige deel, vorm die een party en die kind as opvoedeling, die onvolwassene, die onrype, die ander party (Van Loggerenberg, 1973, p. 1; Nel, 1968, p. 52-53). Die gesin bly 'n opvoedingsfontein wat nooit mag ophou om helder, skoon water vir die dorstige opvoedeling, die behoeftige kind te lewer nie.

Die belangrikste funksies van die huisgesin word mooi saamgevat deur Van Dijk (s.j., p. 86):

* voorsiening van die materiële; nogtans in 'n gees van liefdevolle versorging;
* ouerlike opvoeding wat ook die oordra van die sosiaal-kulturele norme insluit; laasgenoemde bevat ook die godsdiens;
* die skep en waarborg van 'n atmosfeer wat vir die kind sekerheid, geborgenheid, simpatie en liefde bied. Pieterse (1971, p. 12-15) sluit, benewens die ander funksies van die huisgesin, ook die opvoedings-, nasionale en godsdienstige funksies in.

Van den Berg (1977, p. 299) wys daarop dat, ten spyte van die geïsoleerdheid en die funksieverlies van die moderne gesin, daar sekere funksies is waarvoor die huisgesin verantwoordelik bly. Hy verwys na gesins-

opvoeding en sosialisering. Die ouers bly te alle tye vir hulle kinders se opvoeding en onderwys verantwoordelik (Joubert, s.j., p. 1).

In die huisgesin kry die kind die geleentheid om 'n ryke variasie van situasies te beleef (Roucek en Warren, 1959, p. 96). Die verskillende verhoudingsituasies bied aan hom die geleentheid om in geborgenheid en in 'n liefdesatmosfeer te leer en te kommunikeer, selfs die felste kritiek te ontvang en te verwerk. "Hier word die grondslag gelê vir die vorming van die toekomstige man en vrou, vader en moeder, lid van die samelewing in sy ryke verbands- en verhoudingsverskeidenheid, die staatsburger, die onderdaan in die koninkryk van God" (Van den Berg, 1977, p. 303).

Elke situasie wat ontstaan, bied weer vir die vader en moeder die geleentheid om in gesprek te tree met hulle onontslote, opvoedingsbehoeftige kind. Dit bied aan ouers die geleentheid om te ontsluit, ook wat betref die skolastiese hulpbehoewendheid van die kind. Die vader kry ook in die huisgesin die geleentheid om aan sy seun hulp te verleen. As verteenwoordiger van die gemeenskap bied dit aan die vader die geleentheid om in die huisgesin vir sy seun die sosiale, kulturele en godsdienstig-goedgekeurde norme en gedragspatrone te leer en hom daarin op te voed.

Die vader en die moeder neem in die gesin, elk 'n spesifieke plek in in die lewe van die kind. Daarom sal daar besin word oor die plek en die spesifieke

verhouding van veral vader tot seun in gesinsverband. Omdat die moeder egter naby die vader staan en in baie gevalle as pleitbesorger, as voorspraak vir die seun by die vader moet intree, sal ook na haar plek in die gesin gekyk word. Die vader-moederverhouding bly egter die belangrikste verhouding in die gesin en sal uiteraard enige ander verhouding van gesinslede onderling, dus ook die vader-seunverhouding, beïnvloed.

### 3.3.2 Verhouding tussen vader en moeder in die huisgesin

Dit is noodsaaklik dat daar in die huwelik ŉ harmoniese verhouding tussen vader en moeder bestaan. Waar hierdie verhouding wel bestaan, sal dit verseker dat die kind die nodige sekuriteit en geborgenheid in die huis vind, wat vir die egte opvoeding so ŉ belangrike voorwaarde is (Garbers, 1972, p. 17; 1958, p. 57; Scholtz, 1973, p. 23; Rienstra, 1962, p. 18). Die kind wil in die gesin veilig voel. Hy het ŉ besondere behoefte aan veiligheid en geborgenheid. Bekendheid van omgewing en konsekwente optrede van ouers, bring vir hom sekuriteit en geborgenheid mee. Teenstrydige optrede van die ouers bring mee dat die kind onveilig voel (De Wet en Van Zyl, 1974, p. 26; Van den Berg, 1977, p. 315). Indien daar disharmonie tussen vader en moeder bestaan, word dit onteenseglik na die kind oorgedra en kom in een of ander vorm by die kind voor, soms as emosionele, gedrags- of leerprobleme. Waar die disharmonie tussen ouers uitloop op ŉ verwydering en egskeiding, bring

dit vir die kind ernstige probleme mee (Kruger, 1975, p. 112). Die bydrae van die vader in die vader-moederverhouding lê vir die kind daarin dat die vader moet sorg dat daar in die huwelik 'n hegte, gesonde verhouding tussen man en vrou bestaan.

### 3.3.3 Rolverdeling van die ouers in die huisgesin

In die opvoedingskonteks staan die vader en die moeder gelyk wat betref die posisie wat hulle teenoor die kind inneem. Beide ouers het immers saam die doopbelofte afgelê en saam verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kind aanvaar. In die praktiese uitvoering is die bydraes van die vader en die moeder in ons kultuur in baie gevalle andersoortig.

Genoemde verskille word duidelik uit die rolverdeling in die gesin soos dit deur Parsons (1956a, p. 46) skematies voorgestel word (vgl. fig. 3.1).

Hierdie skematiese voorstelling toon dat die rol van die vader (man) instrumenteel-superieur is, dus na buite gerig. Sy rol is ook meerwaardig met betrekking tot gesag of mag indien vergelyk met dié van die kinders, maar ook met die rol van die moeder. Die rol wat die moeder (vrou) vervul, is ekspressief-superieur. Die rol van die moeder is ook meerwaardig indien vergelyk met dié van die kinders. Die rol van die seun (broer) korrespondeer met die rol van die vader, dit is ook instrumenteel na buite gerig, maar inferieur, dit wil sê ondergeskik wat mag


FIGUUR 3.1 PARSONS SE DIAGRAM

LEIERSKAP

| | INSTRUMENTELE PRIORITEIT | EKSPRESSIEWE PRIORITEIT |
|---|---|---|
| SUPERIEUR + | Instrumenteel superieur<br><br>VADER (man) | Ekspressief superieur<br><br>MOEDER (vrou) |
| MAG | | |
| INFERIEUR - | Instrumenteel inferieur<br><br>SEUN (broer) | Ekspressief inferieur<br><br>DOGTER (suster) |

betref (Cilliers en Joubert, 1966, p. 187; vgl. fig. 3.1). Om dit nog meer oorsigtelik te demonstreer as Parsons, kan ons die volgende diagram, wat moontlik duideliker is, gebruik (vgl. fig. 3.2).

FIGUUR 3.2 VOORSTELLING VAN DIE ROLVERDELING VAN DIE GESINSLEDE




Bokant die X-as verwys na die instrumentele, naamlik die rolle van vader en seun (eerste en tweede kwadrant). Onderkant die X-as verwys na die ekspressiewe, naamlik die rolle van moeder en dogter (vierde en derde kwadrant). Regs van die Y-as vind ons die superieure wat na die rolle van die vader en moeder verwys. Die eerste kwadrant dui derhalwe dié van die vader (man) aan, naamlik die instrumenteel-superieure. Die tweede kwadrant dui dié van

die seun aan, naamlik die instrumenteel-inferieure. Alhoewel instrumenteel, bly die seun nog inferieur. Dit grens egter aan die superieure van die vader en beweeg geleidelik daarheen. Die kwadrant van die moeder (vierde) grens nie aan die van die seun nie en is ook nie instrumenteel gerig nie (vgl. fig. 3.2). Die moeder het dus slegs via haar man, die vader van haar seun, kennis van die instrumentele gerigtheid. Dit is derhalwe vir die moeder moeilik om die seun in die instrumentele te onderrig en in te lei, iets wat vir die vader bykans natuurlik volg.

Zelditch, jr. (1956, p. 312-315) sien die vader se rol as instrumenteel-aanpassend. Die vader het hoofsaaklik te maak met die funksie van aanpassing na buite in die gemeenskap, maar ook met doelbereiking in die toekoms. Die vader is die een wat die fasiliteite moet skep en mobiliseer om in te skakel by en te voldoen aan die norme van die gesin. Dit gaan dus om die sosio-ekonomiese status van die gesin. Hy aanvaar daarom in die eerste plek verantwoordelikheid vir die ekonomiese, dus die finansiële versorging van die gesin (Parsons, 1956b, p. 13). Dit sluit ook behuising in. Die vader is egter ook verantwoordelik vir die beskerming van die gesin. Hy sorg vir die sekuriteit wat bydra tot die geborgenheid van al die gesinslede.

'n Belangrike faset van die vaderrol, is sy optrede in die gesin as gesagsfiguur (vgl. fig. 3.1, 3.2). Die vader is in die gesin met 'n normale vader-moederver-

houding, in 'n groot mate verantwoordelik vir die tug en dissipline (Johnson, 1968, p. 123). Sonder hierdie gesagshandhawing is die opvoeding en die sosialisering van sy kinders onmoontlik. Die doelstellings van die gesin kan dan nie verwesenlik word nie en daar kan nie sprake van handhawing van en voldoening aan die gesinsnorme wees nie. Van den Berg (1977, p. 181) sê die vaderrol "... verg soms 'n rasionele gesindheid teenoor die eksterne situasie en 'n inhibering van emosies teenoor ander lede van die sisteem". Hy verwys verder na die vaderrol wat meer na buite gerig is en sê dat dit as 'n eksterne funksionele sub-sisteem binne die veld van doelbereiking en aanpassing funksioneer. Nogtans bly dit 'n strukturele eenheid met die gesin, ook genoem 'n strukturele sub-sisteem in die huisgesin. Parsons (1956a, p. 50-51) definieer die rol van die vader as instrumenteel-partikularisties-universalisties. Hierdie rol van die vader is by uitstek die een wat die kind help in sy oriëntering met die wêreld buite die gesin.

Van den Berg (1977, p. 319) verwys na die vaderrol as toegespits op "werk, daadkrag en beroep". Dit het herbevestig hoe belangrik dit is dat die vader die spesifieke manlike rol aan die seun voorhou. Die vader is ook die ouer wat die werkywer en daadkrag vir die skolastiese by die seun ontsluit. Dit sluit aan by en lei weer tot manlike beroepsgerigtheid.

Die moederrol word gesien as die ekspressief-superieure (vgl. fig. 3.1, 3.2) of as ekspressief-

partikularisties-integratief en na binne gerig (Parsons, 1956a, p. 50-51).

Van den Berg (1977, p. 311-312) verwys ook na die ekspressiewe rol van die moeder wat "meer partikularisties ingeklee" is en betrekking het "op die interne aangeleenthede van die huisgesin", dit wil sê,wat gefokus is "op die interne funksionele imperatiewe van patroonhandhawing en spanningsbeheer en van integrasie". Die moeder is by uitstek die een wat hierdie rol kan vervul. Sy beheer die spanning deur te sorg vir die ontlading van emosies. Sodoende word die gesinsbande hegter gesnoer en realiseer die gesinsliefdesnorm (Van den Berg, 1977, p. 182).

Die moeder (vrou) is ook die een wat haar man en kinders emosioneel ondersteun en hulle liefdevol versorg, dit wil sê, sy voorsien in die sosiaal-persoonlike behoeftes van die gesinslede (Cilliers en Joubert, 1966, p. 156). Veral vir die adolessenteseun gedurende sy periode van *stoei en spartel* in die vorming van 'n eie identiteit, moet die moeder die *klankbord* wees vir sy emosionele ontladings. Baie van hierdie emosionele *onder-onsies* in die gesin, vind juis met die vader plaas. Hierdie leiding en liefdeshulp van die moeder aan haar kinders is gesinsopvoeding en 'n integrale deel van die opvoedingsproses (Van den Berg, 1977, p. 312).

Die moeder se liefdevolle versorging van die gesin dui verder op die omsien na die algemeen liggaamlike

welstand. Sy is die een wat omsien na die werklike versorging, die voedsel en kleding.

Die moeder is tesame met die vader, ook verantwoordelik vir die psigologiese versorging van die gesin. Albei ouers sal dus sorg vir die versorging, vorming en ontwikkeling.

Die vader en die moeder vervul derhalwe elkeen 'n besondere rol in die huisgesin. Elkeen se rol is andersoortig en juis daarom kan die een moeilik die ander se plek ten volle inneem.

## 3.4 PLEK VAN DIE VADER BINNE DIE OPVOEDINGSKONTEKS

Omdat die vader netsoos enige opvoeder in 'n beïnvloedingsituasie teenoor en langs die kind stelling inneem, is dit nodig om hierdie verhouding van nader te bekyk. Die kind, wat immers opvoedingsbehoeftig is, wat onontslote is, moet deur die vader betrek word, gelei word. Die kind besit ook nie die kennis nie, het nie 'n eie bruikbare, ontwikkelde toerusting, 'n eie beskouing teenoor die lewe nie. Hy besit wel sekere vermoëns wat hy van God ontvang het, maar dit moet ook deur die vader ontsluit, bearbei en gemanipuleer word. Hierdie ontsluiting van die seun deur die vader, impliseer ook hulpverlening en leiding (Claassen, s.j., p. 91). Om egter te kan ontsluit, moet die vader die seun se diepste kern, sy hart raak. Van der Walt, et al. (1977, p. 49) verwys na die "kardia", die hart, as die diepste wese van die mens.

Dit dui op die kern van sy persoonlikheid. Polanyi (1966, soos aangehaal deur Van der Walt, et al., 1977, p. 54) verwys na die vermoëns wat die kind besit en wat ontsluit moet word, as "tacit dimension". Van der Walt, et al. (1977, p. 54) noem dit hartstoerusting. Dit is, naamlik die moontlikhede en stilswyende kennis waaroor die mens beskik.

Hierdie onontginde genadegawes wat die kind van God ontvang het, moet deur die vader ontgin word. Die eie persoonlikheid met 'n eie karakter, wat die seun uiteindelik sal wees, sal spreek uit sy dade wat tog uit die hart kom. Dit sal alles afhang van hoe hy deur die vader gelei en ontsluit word. Dit volg ook dat die vader net kan lei en ontsluit na analogie van wat hyself het en is. Die lewens- en wêreldbeskouing van die vader sal daarom bepalend wees. Van der Walt en Dekker (1978, p. 38) wys tereg daarop dat ouers en onderwysers die kind moet help om 'n eie lewensopvatting te ontwikkel. Dit dien dan ook as fondament waarop verder voortgebou kan word.

Die norme wat die Christen-gelowige vader ook as opvoeder vir sy seun sal voorhou en voorleef, word dus teruggevoer na die wil van God en sy Woord. Vir die Christen-gelowige wat God liefhet met sy hele hart, is alles dan ook daarop gerig om te voldoen aan die eerste en groot gebod: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele hele verstand" (Matthéüs 22:37). Die gebod verwys egter ook na die naaste: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matthéüs 22:39). Die naaste naaste van

die vader is beslis sy seun en daarom by implikasie ook die opdrag aan die vader om die seun op te voed, sy hart te onsluit. Die Christen-gelowige vader sal in sy ontsluiting van die seun, hom dus toespits op die seun se hart, want uit die hart "... is die oorspronge van die lewe" (Spreuke 4:23). Afgesien daarvan kom daar nog die duidelike opdrag: "Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word ..." (Spreuke 4:23). Om die hart van sy seun te bewaar, sou die vader, as opvoedende ouer, verantwoordelikheid moet aanvaar vir die begeleiding, maar beslis ook vir die ontsluiting van die hart. Dan sal die kind uiteindelik met 'n Godgerigte hart, as bekeerde Christen-gelowige sy eie Christelike lewens- en wêreldbeskouing ontwikkel, om sodoende self sy hart te kan bewaar - 'n hart wat in alles tot God gerig is.

Alle fasette van sodanige seun se persoonlikheid, asook sy algehele skakeling met sy medemens in sosiale verband, hetsy familie, maats, skool, kerk, gemeenskap en volk, sal die Christen-gelowige se beïnvloeding duidelik weerspieël. Die moontlikheid dat hierdie beïnvloeding ook na die seun se gemotiveerdheid en deursettingsvermoë op skool, dus ook sy skolastiese prestasie, kan deurwerk, is nie uitgesluit nie.

Die opvoeding deur die vader sal nie alleen 'n eie lewens- en wêreldbeskouing by die seun ontwikkel nie, maar ook sekere tipies manlike eienskappe by die seun ontsluit.

Die vader as die ouer wat instrumenteel-superieur gerig is, is by uitstek die ouer wat die seun hierin kan help. Sekere aspekte van die seun se persoonlikheid kan moeilik deur die moeder ontwikkel en ontsluit word, juis omdat sy meer ekspressief-superieur gerig is. Die seun wat, as gevolg van sy aangebore manlike vermoëns en belangstellings, reeds in 'n instrumentele kwadrant beweeg (vgl. fig. 3.2), moet net verder ontsluit word om na die eerste kwadrant, dié met instrumentele ên magsposisie, te beweeg. Die vader wat reeds die aansluiting met die seun het as gevolg van hulle aangebore gelyksoortigheid (instrumentele gerigtheid - eerste en tweede kwadrant), is die aangewese ouer en in die gesin die enigste wat hierdie ontsluiting kan hanteer. Die enigste ondervinding wat die moeder het van die instrumentele, is die aansluiting by die vader (eerste kwadrant). Sy is ekspressief-superieur gerig (vierde kwadrant) en verskil dus geheel en al van die vader. Sy het geen aangebore instrumentele gerigtheid nie en is dus geensins in staat om die seun in hierdie streng manlike gerigtheid te ontsluit nie. In werklikheid is sy nie bewus van die onontslote vermoëns en gerigtheid van die seun nie. Sy, as moeder, verstaan dit ook nie. Insgelyks het die vader ook nie die begrip vir, asook gevoel- en diepere geestesskakeling; met die dogter nie.

Omdat die vader die samelewing buite die gesin verteenwoordig, is hy ook die ouer wat die seun kan voorberei om ingelei te word in die harde wêreld van materialisme en kompetisie. Om aldus voorbereid te wees, is

die ontwikkeling van sekere meer manlike eienskappe by die seun noodsaaklik. Die vader as man is bewus van sy manlike persoonlikheidseienskappe wat ook in sy seun teenwoordig is en by hom ontsluit moet word. Die vader dien dikwels, slegs deur sy teenwoordigheid en positiewe doelgerigte optrede, vir sy seun as lewende eksemplaar van manlike optrede. Soms bring hy, deur doelbewus bemoeienis met sy seun te maak, hetsy deur woord, daad of spel, sekere aktueel manlike eienskappe by hom tuis of na vore. Die volgende manlike eienskappe kan deur die vader by die seun ontsluit word:

* aggressiewe, soms selfs domineerende uit-die-hoogte-neersien houding, maar ook doelgerigte manlike optrede;
* die vermoë om sterk standpunt in te neem, om selfs alleen te kan staan, te glo in homself as hy weet dat hy reg is al is almal teen hom;
* die vermoë om homself te verdedig;
* die verantwoordelikheid van verdediging van huis, haard en vaderland;
* die ontwikkeling van groter uithouvermoë om teenslae te verwerk en te verduur;
* volharding en liggaamlike inspanning wat kan lei tot sukses;
* die vermoë om te erken wanneer hy verkeerd is;
* die vermoë om krediet te gee aan 'n gedugte opponent indien dié sou wen;

* korrekte, bedagsame optrede teenoor die teenoorgestelde geslag.

Die vader is dus in die opvoedingskonteks vir sy seun onontbeerlik. Hy help nie alleen die seun om 'n eie lewens- en wêreldbeskouing te ontwikkel nie, maar onderrig hom ook in die tipies manlike eienskappe.

## 3.5 EERSTE BETROKKENHEID VAN VADER MET KIND

### 3.5.1 Inleiding

Opvoeding is getipeer as meer as net leiding en steungewing. Dit behels ook versorging, gewoontevorming, vorming en opleiding. Daar kan egter met sekere gewoontes wat gevorm moet word, nie tot adolessensie gewag word nie. Wat in 'n sekere fase van die kind se ontwikkeling gedoen moet word, kan nie vir 'n volgende fase agterweë gelaat word nie. Dit volg dus dat die vader nie eers gedurende die puberteit of selfs later skakeling met sy seun kan soek nie. Dit is daarom nodig dat daar besin word oor die eerste betrokkenheid van die vader met die kind. Die volgende vrae ontstaan: Vind skakeling wel plaas? Indien wel, in watter mate en wat is die bydrae van die vader as opvoeder? Watter skade lei die seun in die opvoedingsproses indien die vader nie met hom kontak maak nie?

### 3.5.2 Vroeë skakeling

Dit is nie by die kind aangebore of instinktief om

slegs met sy moeder 'n verwantskap te hê nie, die kind knoop wêl gedurende sy eerste twee lewensjare noue verwantskappe met sy vader aan (Kotelchuck, 1976, p. 342-343; Lamb, 1977b, p. 637; 1975, p. 260; Rendina en Dickerscheid, 1976, p. 373, 377; Parke en Sawin, 1976, p. 369-370; Lamb en Lamb, 1976, p. 382-383; Lamb en Stevenson, 1978, p. 282-283, 289). Vaderskap begin reeds as die man saam met sy vrou voorberei vir die koms van die kleine. Die trou en toewyding van die vader dra by tot die rustige gemoedstemming van die moeder wat die gesonde ontwikkeling van die baba verseker (De Ruyter, s.j., p. 21; Green, 1976, p. 49).

Die vader en moeder wat as Christen-ouers die kleine van God afsmeek, aanvaar reeds op hierdie stadium verantwoordelikheid vir die kind, verklaar hulle bereid om die kind in *Sy* vrese op te voed, te lei, te rig en te help.

Reeds so vroeg as gedurende die eerste paar dae na geboorte kan 'n noue verbintenis, komende geheel en al van die vader, tussen vader en pasgebore baba ontstaan. Die pasgebore baba is vir die vader mooi en hy toon die behoefte om die baba aan te raak en vas te hou. Die vader raak nou positief by die baba betrokke (Lewis en Weinraub, 1976, p. 166; Parke en Sawin, 1976, p. 369; Lamb en Stevenson, 1978, p. 294; Lamb, 1975, p. 249). Wisselwerking tussen vader en baba vind wel plaas, selfs net soveel as tussen moeder en baba, indien nie meer nie (Rendina en Dic-

kerscheid, 1976, p. 374-375; Parke en Sawin, 1976, p. 367; Lamb en Lamb, 1976, p. 381; Lamb en Stevenson, 1978, p. 279, 282; Kotelchuck, 1976, p. 342, 343). Hier is dus reeds sprake daarvan dat die vader hom met die seun bemoei. Hy raak betrokke en lê die voorbereidende, noodsaaklike grondslag vir opvoeding.

Dit is baie belangrik dat die vader wel gedurende die eerste paar maande met die baba kontak maak, anders word probleme ondervind om later tot die kind aangetrokke te voel (Greenberg en Morris, 1974, soos aangehaal deur Lewis en Weinraub, 1976, p. 166; Nash, 1965, p. 285; Stolz, et al., 1954, p. 74; Parke en Sawin, 1976, p. 369). Maak die vader nie op hierdie stadium kontak nie, bring dit mee dat die vader beswaarlik as opvoeder 'n bydrae kan maak. In die gevalle waar wel skakeling is, sal die vader se verbondenheid aan die suigeling gou verstewig, veral tussen die sewende en dertiende maande (Lamb, 1977b, p. 637).

Dit word gou duidelik dat daar 'n verskil bestaan tussen die betrokkenheid van die vader en die moeder met hetsy seuntjie of dogtertjie. Lamb (1977b, p. 647) dui aan dat die dogtertjies meer skakeling soek as die seuntjies, desnieteenstaande verkeer die vaders meer met die seuntjies as met die dogtertjies en in sommige gevalle met die jonger seuntjies meer as met die oueres (Rendina en Dickerscheid, 1976, p. 376; Parke en Sawin, 1976, p. 370; Lamb en Lamb, 1976, p. 382; Lamb en Stevenson, 1978, p. 285; Lamb, 1977b,

p. 637, 647). Die vader toon dus reeds 'n groter aangetrokkenheid tot die seun as tot die dogter. Hy openbaar reeds die neiging om hulp aan die seun te verleen in sy op-weg-wees en wel in die aanvaarding van sy spesifieke geslag, naamlik dié van man. Die vader reik dus die seun die hand en help hom om sy bande met die moeder los te maak. Die vader vervul hier sy rol as opvoeder teenoor die hulpbehoewende opvoedeling.

### 3.5.3 Spesifieke rol van die vader

Reeds op 'n heel vroeë stadium word die suigeling en kleuter bewus van die verskille tussen die rolle wat die vader en moeder vervul. Die vader is beslis nie slegs 'n plaasvervanger vir die moeder nie, maar vervul heeltemal 'n eiesoortige rol (Lamb en Lamb, 1976, p. 383; Lamb en Stevenson, 1978, p. 283; Rendina en Dickerscheid, 1976, p. 375). In teenstelling met die moeder wat die fisiese versorging en alles wat daarmee gepaard gaan waarneem, is die vader meer betrokke by die sosiale aktiwiteite van die suigeling, soos speel, fisiese kontak en onkonvensionele spele (Rendina en Dickerscheid, 1976, p. 376-377; Lamb, 1975, p. 251; Lamb en Stevenson, 1978, p. 279, 281-283). Die gevolg is dat die kinders gou onderskei tussen die ouers, juis na aanleiding van genoemde verskille. Dit impliseer weer dat elke ouer 'n eiesoortige effek op die kind se ontwikkeling sal hê (Lamb en Stevenson, 1978, p. 283).

In die geval van die seuntjie kom sy onderskeidingsvermoë tot uiting daarin dat hy, alhoewel minder afhanklik as die dogtertjie, tog meer afhanklik is van die vader as van die moeder. Die vader van sý kant, toon vanaf die tweede jaar 'n besondere belangstelling in die seuntjie en neem dan ook gedurende hierdie tyd 'n besondere pertinente plek in sy lewe in (Lamb en Lamb, 1976, p. 382-383; Lamb en Stevenson, 1978, p. 288). Die seun self toon dus 'n groterwordende behoefte om deur die vader in die dinge van die man ingelei te word. Die vader lewer as opvoeder 'n belangrike bydrae, hy maak homself onmisbaar, hy word vir die seun die belangrikste skakel in sy op-wegwees na volwassenheid.

Dit is baie belangrik dat die vader gedurende die voorskoolse tydperk vir sy seun beskikbaar moet wees. Die kontak gedurende hierdie tyd word as beslissend vir 'n goeie vader-seunverhouding beskou. Indien die skakeling hier nie redelik vroeg plaasvind nie, belemmer dit die wedersydse aanvaarding van vader en kind. Hierdie aanvaarding word al moeiliker namate die kind ouer word (Nash, 1965, p. 285, 293; de Ruyter, s.j., p. 20-25; Green, 1976, p. 50; Biller, 1974, p. 10).

### 3.5.4 Wederkerige beïnvloeding

Indien dit gebeur dat die klein seuntjie die vader sien as belangrik en hy met die vader wil kommunikeer, verhoog dit die eie-dunk van die vader. Dit bevorder en versterk ook sy posisie as man in die huwelik, dit

gee sin daaraan. Hy is nie slegs 'n *biologiese noodsaaklikheid* nie (Lamb en Lamb, 1976, p. 380, 383; Parke en Sawin, 1976, p. 370; Lamb, 1975, p. 249; Rendina en Dickerscheid, 1976, p. 377). Hierdie optrede van die suigeling versterk die posisie van die man as vader. Dit beïnvloed die vader positief wat betref sy opvoedingsbetrokkenheid. Hy is ook nog meer positief ingestel ten opsigte van sy posisie as man in die gesin en as sodanig bied hy vir die seun nog groter hulp.

## 3.6 GESLAGSROLONTWIKKELING VAN DIE SEUN

### 3.6.1 Inleiding

Daar is reeds gewys op die andersoortigheid van die rol van die vader as man, asook op die feit dat die seun se eerste afhanklike betrokkenheid tot sy moeder gerig is. Om die manlike rol te aanvaar sal derhalwe vir die seun 'n verskuiwing van moeder na vader meebring, wat vir hom totaal vreemd is. Dit kan dus aanvaar word dat die seun spesiale hulp moet ontvang in sy aanvaarding van 'n eie geslagsrol. Dit is daarom nodig om stil te staan by die geslagsrolontwikkeling van die seun. Nadat besin is oor manlikheid en vroulikheid, sal gekyk word na die rol wat elkeen van die ouers in die lewe van die seun vervul.

Die spesifieke plek wat die vader in die lewe van die klein seuntjie inneem, is bespreek. Voorts sal ook besin word oor die aandeel van die vader in die geslagsrolontwikkeling van die seun, onder andere ook

wat die posisie is indien hy sy vader moet ontbeer.

### 3.6.2 Manlikheid en vroulikheid

Reeds op 'n vroeë ouderdom begin die voorskoolse kind bewus word van die feit dat alle persone ingedeel is in twee groepe, manlik en vroulik. Afhangende van by watter groep hy ingedeel is, word 'n spesifieke gedragspatroon van hom verwag. Die kind word ook op 'n vroeë ouderdom reeds gekondisioneer ten opsigte van 'n spesifieke geslagsrol. Hy moet dus 'n sekere geslagsrol as sy eie aanvaar en ontwikkel. Die geslagsroldifferensiasie vind geleidelik plaas. Dit begin moontlik alreeds op tweejarige ouderdom en is op driejarige ouderdom reeds gevestig (Brown, 1958, p. 232; Gundlach, 1969, p. 137). Op vier- of vyfjarige ouderdom besef die meeste kinders reeds dat die ouers van hulle aktiwiteite verwag wat by hulle geslag pas (Fauls en Smith, 1956, p. 114-115). So verwag albei ouers van die seun om, bykans vanaf die wiegstadium, manlike gedrag te openbaar en manlik op te tree (Hartley, 1959, p. 460; Lynn, 1976, p. 406).

Omdat manlikheid en vroulikheid baie komplekse persoonlikheidseienskappe is wat nie presies afgebaken is nie, is dit geensins 'n outomatiese gevolg van seun- of dogterwees nie. 'n Ontwikkelingsproses wat deur die begrip geslagstipering beskryf word, vind plaas waartydens daar 'n skakeling plaasvind tussen die voorgeskrewe rol, soos byvoorbeeld deur die ouers voorgeskryf en die rol soos deur die kind uitgeleef (Sears, 1965, p. 133).

Die ouers is vir die kind die belangrikste volwassenes in sy lewe. Uit die aard van sy daaglikse betrokkenheid met hulle sal hy hulle dophou om te leer hoe hy moet optree, hoe hy sy eie rol moet vervul. Dit is daarom nodig om te besin oor die plek wat die ouers in die geslagsrolontwikkeling van die kind sal inneem.

### 3.6.3 Rol van die ouers

Albei ouers dra bewustelik en/of onbewustelik by tot die kind se geslagsrolontwikkeling, alhoewel die ouers nie altyd besef watter belangrike rol hulle voorbeeld en gedrag hierin speel nie. Hoe bepalend die ouers se rol wel is, word by die pseudo-hermafrodiete gesien. Hulle aanvaar die geslagsrol wat vir hulle op 'n vroeë babastadium voorgehou word (Hampson, 1965, soos aangehaal deur Sears, et al., 1966, p. 171). Indien die ouers nie seker maak dat die geslagsrolontwikkeling van die seun gedurende die kinderjare reg verloop nie, kan dit selfs lei tot seksuele wanaanpassing. Die seksuele aanpassing of wanaanpassing van volwassenes toon 'n besliste verband met die aard en resultaat van die geslagsrolontwikkeling gedurende die kinderjare (Brown, 1958, p. 241).

Die moeder speel uit die aard van die saak die belangrikste rol in die geslagsrolontwikkeling van die dogter en die vader in dié van die seun. Die ouers is gewoonlik daarvoor verantwoordelik dat die geslagsroldifferensiasie reeds begin voordat die baba die

hospitaal verlaat. Die babaseuntjie en -dogtertjie word deur vader en moeder verskillend hanteer. Die vader maak egter 'n groter onderskeid as die moeder (Lamb en Stevenson, 1978, p. 284). By kinders van agtien tot vier en twintig maande oud, is vasgestel dat:

* albei ouers meer waarderend is teenoor die dogters, maar ook meer krities as teenoor die seuns;
* seuns meer dikwels as dogters alleen gelaat word om te speel;
* die ouers minder beperkinge op die gedrag van dogters stel.

Blykbaar voel die ouers dat vir die dogters meer gedragswyses toelaatbaar is as vir die seuns (Fagot, 1974, p. 554-558).

Die opvoedingsprosedures van die ouers verskil ook wat betref die verskillende geslagte. Elke kind belewe dit ook verskillend met die gevolg dat daar heelwat variasie in die aanvaarding, belewing en uitlewing van 'n spesifieke geslagsrol is (Sears, 1965, p. 134-135).

Hoe die indruk wat die ouer op die kind laat, geprojekteer word in die kind se voorkeur vir, hetsy die manlike of vroulike geslagsrol, word duidelik uit Anzimi (1964, soos aangehaal deur Walters en Stinnett, 1971, p. 80) se ondersoek. Hulle gebruik 'n stel tematiese prente om universiteitstudente se waarneming van

hulle ouers vas te stel. Die resultate toon die volgende:

* voorkeure vir kultureel aanvaarbare manlike rolle en gedragspatrone toon 'n positiewe en betekenisvolle verband met die projeksie van 'n hartlike warm vader-seunverhouding asook 'n prominente vader-seunverhouding;
* voorkeure vir kultureel aanvaarbare vroulike rolle en gedragspatrone toon 'n positiewe en betekenisvolle verband met die projeksie van 'n hartlike, warm moeder-seunverhouding asook met 'n prominente moeder-seunverhouding.

Sowel 'n waarneembare hartlikheid as 'n prominente ouer-kindverhouding sal tot die graad van manlike of vroulike belangstellingspatrone bydra.

Dit is duidelik dat elkeen van die ouers dus 'n eiesoortige rol in die geslagsrolontwikkeling van die kind vervul. Omdat hierdie navorsing spesifiek gaan oor die vader en seun, word die invloed van die vader op die seun se geslagsrolontwikkeling in besonder bestudeer.

### 3.6.4 Spesifieke beïnvloeding deur die vader

Sekere eienskappe of optredes van die vader sal spesifiek meehelp dat die seun die manlike geslagsrol wil aanvaar, sy eie maak, die voorbeeld van die vader navolg en uiteindelik self sterk manlike gedrag openbaar.

Vroeg in die kind se tweede jaar, rig die vader homself reeds spesiaal pertinent tot die seun en trek homself terug van die dogter, so asof hy haar aandag op die moeder wil rig. Hierdie geslagsdifferensiasie dien om die fokus van die klein kind op die ouer van dieselfde geslag te rig. 'n Resultaat hiervan is dat die meeste seuntjies reeds gedurende hulle tweede jaar voorkeure vir die vader ontwikkel en omgekeerd (Lamb en Stevenson, 1978, p. 292). Die kenmerkend manlike gedrag van die seun dui dan ook daarop dat hy verkies om by die vader te wees, dat hy die manlike geslagsrol aanvaar en dat hy hom daarmee identifiseer (Lynn en Cross, 1974, p. 559). As die vader egter onseker is omtrent sy manlikheid, nie weet hoe om spontaan op te tree in situasies wat manlike optrede verg nie, sal dit vir seun en dogter verwarrend wees (Bührmann, 1974, p. 44).

Bronson (1959, p. 536-543) het in sy navorsing met laerskoolleerlinge gevind dat die manlikheid van die vader 'n groot rol speel in die manlike ontwikkeling van die seun en dat die manlike ontwikkeling vergemaklik word indien die vader toegeneë, opmerksaam en versorgend is. Bronson en ook Crumley en Blumenthal (1973, p. 781) het egter ook aan die negatiewe kant vasgestel dat seuns wat voortdurend spanningsvolle, verdraaide verhoudings met hulle vaders het, 'n negatiwiteit teenoor hulle vaders se manlikheid openbaar. Seuns wat nie-demonstratiewe, frustrerende, kritiese vaders het, is geneig om hulle as modelle te verwerp.

Die seun se manlikheidsontwikkeling word ook vergemaklik indien die vader oorheersend en 'n sterk manlike model vir die seun is, maar hy moet die seun ook toelaat en aanmoedig om self dominant te wees. Laasgenoemde veral, is belangrik in die ontwikkeling van die geslagsrolaanvaarding (Biller, 1969a, p. 87-93). Laer- en hoërskoolseuns wat sterk manlik is, beskou hulle vaders as belonend en toegeneë aan die een kant en as die besitters van mag en gesag aan die ander kant (Payne en Mussen, 1956, p. 360-361; Mussen en Distler, 1959, p. 353, 355-356; 1960, p. 94, 96; Sears, et al., 1966, p. 173). Ook manlike kollegestudente wat hulself as sterk manlik sien, beskryf hulle vaders as persone wat sterk manlik is, baie bekwaam is, duidelike perke stel en wat oor die algemeen sterk persone is (Distler, 1964, soos aangehaal deur Biller, 1976, p. 95).

Lamb en Stevenson (1978, p. 293) wys daarop dat die vader-seunverhouding belangrik is vir die geslagsrolontwikkeling van die seun. Die kwaliteit van die vader-seunverhouding het egter 'n baie belangriker invloed as die hoeveelheid tyd wat die vader tuis deurbring (Biller, 1970, p. 185; 1976, p. 90; 1974, p. 44; Nash, 1965, p. 267).

Die vroeë verbondenheid van vader en seun, selfs op die babastadium, bepaal die kwaliteit van hul verhouding, en dit beïnvloed weer die proses van die ontwikkeling van die manlike geslagsrol van die seun (Pedersen en Robson, 1969, p. 472; Biller, 1974, p.

29). In baie gevalle is die wisselwerking tussen vader en seun vir albei partye so aangenaam dat dit gepaard gaan met hoogs positiewe emosies en dit dui ook weer op die kwaliteit van die verhouding wat so belangrik is vir die vorming van 'n sterk vader-seun-verwantskap en dus ook 'n duidelike geslagsrolontwikkeling van die seun (Lamb, 1976a, p. 5).

Die vader beïnvloed egter die seun nie slegs deur sy persoonlike verhouding met hom nie, maar ook deur sy optrede in gesinsverband.

### 3.6.5 Optrede van die vader in die gesin

Die vader en die seun is individueel en gesamentlik lede van die gesin, daarom sal die gesinsituasie ook 'n invloed uitoefen op die seun se geslagsrolontwikkeling. Die mate waartoe die vader gesien word as die hoof van die huis, bepaal die manlike geslagsrolontwikkeling van die seun (Biller, 1969b, p. 543-545; Hetherington, 1965, p. 193; Lamb, 1976a, p. 16; Kagan, 1958a, p. 299, 302; Mussen en Distler, 1959, p. 355). Indien die vader in die gesin manlike gedrag in teenwoordigheid van die seun openbaar, sal dit daartoe lei dat die seun die vader se voorbeeld direk naboots, en so sy manlike ontwikkeling verhoog (Lamb, 1976a, p. 16; Biller, 1976, p. 90; 1969a, p. 92; 1974, p. 31). In gesinne waar die vader die sterkere is in die wisselwerking met sy vrou, is die grootste ooreenkoms tussen vader en seun gevind (Lamb, 1976a, p. 16; Biller, 1969b, p. 539-546; Hetherington,

1965, p. 191-193; Hetherington en Brackbill, 1963, p. 939; Hetherington en Frankie, 1967, p. 122-124).

Die mate waarin die seun sy vader in die gesin sien as oorheersend, beïnvloed ook sy geslagsrolontwikkeling. So sal 'n hoë mate van vaderoorheersing in die vader-moederverhouding die seun se geslagsroloriëntering (selfsiening van die manlikheid en of vroulikheid) en sy geslagsrolvoorkeure (die individu se prioriteitsbepaling volgens sosiaal gedefinieerde voorstelling van die geslagsrol) vergemaklik (Biller, 1969a, p. 87, 92).

Indien die vader die een is wat gesag uitoefen, word dit verwag dat die kinders hom sal naboots en dat die seun soos sy vader, manlik sal wees (Sears, et al., 1966, p. 173). Is die vader verder ook die persoon wat in die gesin die besluite neem, maak hy homself meer onderskeibaar as die moeder, met die gevolg dat dit vir die seun 'n groter aansporing is om die manlike rol te aanvaar (Biller, 1969a, p. 92-93; 1971, p. 25). As die vader en die moeder egter kompeteer om die posisie van beleidsbepaler wat beslissings vel, gebeur dit dat die seun baie gekortwiek word in sy geslagsrolontwikkeling. Indien die moeder die vader glad nie toelaat om 'n bepalende faktor in beleidsake te wees nie, kan dit meebring dat die vader sy seun domineer en beperkend en kontrolerend teenoor hom optree (Biller, 1969a, p. 93), met die gevolg dat die seun as teenreaksie moontlik kan wegskram van die manlike rol.

Moulton, et al. (1966, p. 362) wys daarop dat die seun se geslagsroltipering meer ooreenkoms toon met die ouer wat die mees dominerende gesagsbepaler is, veral waar laasgenoemde ook die mees toegeneë ouer is. As die moeder dan in die huis oorheers, bring dit vir die seun, wat sy manlike ontwikkeling betref, spanning en konflik mee (Hartley, 1959, p. 466), juis omdat die vader nie die beleids- en gesagsbepaler is nie, nie sy invloed as man laat geld nie. Die moeder wat egter die sterkere in die huis is, maar nogtans haar seun wil aanmoedig in die ontwikkeling van 'n manlike geslagsrol, mag probleme ondervind as die seun 'n passiewe, afhanklike vader het. Dit geld veral as die seun dikwels in die vader se teenwoordigheid is, en dit al voorbeeld van manlike gedrag is wat hy ken (Biller, 1969b, p. 545).

Indien die vader gedurig 'n vroulike rol aanneem, is die moontlikheid groot dat die seun 'n redelike lae graad van manlikheid sal openbaar en vind daar ook vertraging in die manlike geslagsrolontwikkeling plaas (Lamb, 1976a, p. 16; Biller, 1976, p. 90; Bronfenbrenner, 1958, p. 120). Adolessenteseuns met min manlike belangstellings kom dikwels van huise waar die vader die tradisionele vroulike rol speel. Die vaders van dié seuns het die huishoudelike aktiwiteite, onder andere koskook, oorgeneem. Hulle het ook nie beslissende besluite geneem, of perke gestel nie (Bronfenbrenner, 1958, p. 120, se verwerkte gegewens van Lansky, 1955). Dit is egter nie noodwendig die vader se deelname in huishoudelike aktiwiteite wat die seun se manlike ontwikkeling strem nie, maar

veel eerder die vader se passiwiteit in gesinswisselwerking en die neem van besluite, en/of ŉ omruiling van rolle in die huis (Lansky, 1955 en Altucher, 1957, soos verwerk deur Bronfenbrenner, 1958, p. 119-122).

Die vader is egter nie slegs beleidsbepaler, dissiplineerder en gesagsbeoefenaar in sy huis nie, hy moet ook op groot skaal deelneem aan die versorging van die kinders, veral ook van die seun. Reeds by die suigeling kon vasgestel word dat die vaders wat die minste bydra tot die versorging tuis, die minste reaksie by die suigeling ontlok. Dit is gevind dat die hoeveelheid tyd wat die kleine naby die vader spandeer, ŉ positiewe verband toon met die graad van vaderlike betrokkenheid in versorging (Lamb en Stevenson, 1978, p. 290). Die vaders wat heelwat verantwoordelikheid in die gesinsaktiwiteite aanvaar en dikwels die belange van die seuns waarneem en wat ook hartlik en liefhebbend is, sal manlike seuns hê. Hierdie seuns se verhoudings met hulle vaders sal ook meer toegeneë wees (Sears,et al., 1966, p. 173; Lynn, 1976, p. 407; Sears, 1953, p. 431; Bandura en Walters, 1959, p. 49-50, 84-85; Mussen en Distler, 1960, p. 90, 96-98; 1959, p. 354-356; Payne en Mussen, 1956, p. 361-362).

Die seun moet ook bewus wees van hierdie deelname van die vader. By seuns van kleuterskoolouderdom is ŉ positiewe verband gevind tussen waarneembare vaderversorging aan die een kant en manlikheid en geslagsroloriëntering aan die ander kant (Biller, 1971, p. 28). Hierdie versorging van die vader is uiteraard

nie slegs liggaamlike versorging nie, maar ook psigiese. Biller (1976, p. 92) verwys daarna as die liefderyke, oplettende aanmoediging van die vader vir sy kind. Daar bestaan 'n positiewe verband tussen die tipe versorging van die vaders en die manlikheid van hulle seuns, asook tussen die tipe versorging en hulle ooreenkoms met hulle vaders (Bandura en Walters, 1959, p. 277; Payne en Mussen, 1956, p. 361).

Die vader wat nie voortdurend in die funksionering van die gesin betrokke is nie, maak dit vir die seun baie moeilik om te leer om toepaslike gedrag te openbaar deur onder andere aktief, onafhanklik en kompeterend te wees (Biller, 1976, p. 92). Hierdie seuns ondervind probleme om hulself as man te handhaaf, dit wil sê, om hulle in die manlike geslagsrol te oriënteer en dit ten volle uit te leef. Biller beweer dan ook tereg dat die graad van manlike gedrag wat die vader buite die gesinsverband openbaar, nie belangrik is nie, maar wel die vader se manlike geslagsroluitoefening in die wisselwerking met die gesinslede.

Daar is egter baie gesinne waar daar nie 'n vader is nie, hetsy as gevolg van dood, egskeiding of 'n ander rede. Dit sal derhalwe ook nodig wees om te kyk wat die posisie van die seun is wat sonder 'n vader grootword in vergelyking met die seun wat wel 'n vader in die huis het, veral ten opsigte van geslagsrolontwikkeling.

### 3.6.6 Vaderontbering

Wanneer die geslagsrolontwikkeling van die seun, wat sonder sy vader moes grootword, ondersoek word, behoort dit 'n aanduiding te gee van die plek wat die vader inneem in hierdie faset van die seun se ontwikkeling.

#### 3.6.6.1 Invloed van vaderloosheid

Indien die vader as gevolg van dood, egskeiding of ander redes, nie meer in die huis is nie, werk dit baie steurend in op die seun se geslagsrolontwikkeling. Die seuns wat sonder 'n vader moet klaarkom in hulle op-weg-wees na volwassenheid, is gewoonlik minder manlik in hulle geslagsrolvoorkeure en openbaar ook minder manlike gedrag (Sears, 1951, p. 33; Bach, 1946, p. 68-71; Santrock, 1970a, p. 270; Stolz, et al., 1954, p. 206, 264, 325).

Vroeë afwesigheid van die vader, dit wil sê, afwesigheid wanneer die seun nog baie klein is, het ook 'n nadelige invloed op die seun se manlike ontwikkeling. Die eerste twee tot drie jaar veral, is van beslissende belang in die vorming van die individu se geslagsroloriëntering (Money en Ehrhardt, 1972, p. 16; Lamb en Stevenson, 1978, p. 292-293). Seuns wie se vaders teenwoordig is, openbaar 'n meer geskikte geslagsroloriëntering as seuns wie se vaders afwesig is. Laasgenoemde seuns ondervind moeilikheid om die verskuiwing te maak van die oorspronklike moedergeoriënteerdheid na vadergeoriënteerdheid (Drake en McDougall,

1977, p. 538).

Die vroeë afwesigheid van die vader beïnvloed die manlike ontwikkeling van die seun op verskeie maniere. Navorsing het die volgende getoon:

* Indien die afwesigheid van die vader voor die ouderdom van vier jaar begin, het dit groter vertragende uitwerking op die ontwikkeling van die manlike geslagsroloriëntering, as wanneer die afwesigheid na die ouerdom van vier jaar begin.
* Vyfjarige seuns van afwesige vaders toon minder manlike geslagsroloriëntering en -voorkeure as vader-teenwoordige seuns van dieselfde ouderdom.
* Seuns van wie die vaders voor vierjarige ouderdom weg is, openbaar kenmerkend minder geslagsroloriëntering as die vyfjariges.
* Die verlies van die vader voor die ouderdom van vier of vyf jaar, het 'n vertragende effek op die manlike ontwikkeling van die seun (Biller, 1969b, p. 539-545; 1971, p. 6; 1974, p. 44; 1976, p. 99).

Die voorbeeld van die vader in die huis help die seun om 'n eie siening en evaluering van homself as man te ontwikkel. Hy vorm dus 'n eie manlike selfbegrip. So het seuns, wie se vaders voor vyfjarige ouderdom afwesig is, in vergelyking met die vader-teenwoordige seuns, beduidend minder manlike selfbegrip openbaar (Biller en Bahm, 1971, p. 178, 180-

181). Money en Ehrhardt (1972, p. 16) wys daarop dat die selfbegrip van die eie geslagsrol na die tweede en derde lewensjaar moeilik veranderbaar is. Dit volg dus dat as die vader afwesig is, dit kan meehelp om hierdie probleem te laat ontstaan. Indien heroriëntering van die geslagsrol ná die ouderdom van agtien maande moet plaasvind, lei dit oor die algemeen tot groter probleme om by die eise van die nuwe rol aan te pas as wanneer die verandering vroeër sou plaasvind (Lamb, 1976a, p. 8). Die "transexuals" wat psigologies nie in die geslag waarin hulle gebore is, kan vestig nie, is hiervan 'n goeie voorbeeld (Green, 1976, p. 55). Indien die vader dan ook nog afwesig is, sou hierdie verandering veral vir die seun, nog groter probleme verskaf.

Ander navorsers het 'n vertraging in die manlike ontwikkeling van die seun vasgestel waar die vaders vir lang rukke nie 'n aandeel in die versorging van die seun gehad het nie. Biller (1974, p. 43) verwys na die volgende gevalle:

* Tiller (1958) asook Lynn en Sawrey (1958) doen navorsing waarin Noorweegse kinders, van agt tot nege-en-'n-half jaar, vir ten minste nege maande per jaar van hulle matroos-vaders geskei was. Hulle is vergelyk met 'n groep kinders waarvan die ouers nie weg was nie. Die seuns van die afwesige vaders was minder seker ten opsigte van hulle manlikheid as die kontrole groep.
* Ook die navorsing van Rodgers en Long (1968) dui daarop dat seuns van wie die vaders vir lang

rukke weg is probleme ondervind met hulle manlike ontwikkeling.

Biller (1974, p. 53-54) som op deur te sê dat die vergelyking tussen seuns met vaders wat teenwoordig is, teenoor dié met vaders wat afwesig is, toon dat die beskikbaarheid van die vader, 'n belangrike faktor is in die manlike ontwikkeling van die jong seun.

Die vraag ontstaan hoe die moeder wat as plaasvervanger vir die vader optree as die vader ontbreek, deur haar optrede die geslagsrolontwikkeling van die seun sal beïnvloed.

### 3.6.6.2 Die moeder as plaasvervanger

Indien die moeder die enigste ouer in die gesin is, moet sy die plek van die vader inneem in die geslagsrolontwikkeling van haar seun. Kan sy nie aan die eise van die dubbele verantwoordelikheid voldoen nie, bring dit probleme vir die seun mee. Biller (1969b, p. 535-545) verwys na die volgende om aan te dui hoe belangrik die rol van die moeder onder hierdie omstandighede is:

* Die moeder-seunverhouding sal nou van die allergrootste belang wees in die geslagsrolontwikkeling van die seun.
* Die moeder se aanmoediging dat die seun manlike gedrag moet openbaar, sal die meer duidelike aspekte van die geslagsrol soos geslagsrolvoorkeure en geslagsrolaanvaarding beïnvloed.

* Die moeder kan haar seun se bewustheid van die waarde van die manlike rol en sy motivering om ander manlike rolle na te boots en om manlik op te tree, positief beïnvloed.

Kagel, et al. (1978, p. 343) benadruk dit ook dat die moeders in gebroke gesinne verplig is om onafhanklikheid en manlikheid by die seun aan te moedig.

Die moeders is egter in baie gevalle onwillig of onbekwaam om van die een rol na die ander te verwissel. Soms is hulle nie gewillig om in belang van die seun, met die wisseling vol te hou nie (Lamb, 1975, p. 258). Hierdie omstandighede herbeklemtoon hoe belangrik die vaderrol vir die seun se normale, natuurlike ontwikkeling is, asook die nadelige gevolge wat dit op die seun het as hy sonder 'n vader moet opgroei.

### 3.6.6.3 Vervrouliking van die seun

Afwesigheid van die vader kan ook lei tot vervrouliking by die seun. Die seun vorm 'n kognitiewe beeld van die manlike rol gedurende sy eerste drie of vier jaar, waarna hy sy eie gedrag na aanleiding daarvan vorm (Sears, et al., 1966, p. 261). Hy sal onder andere leer om manlik en aggressief te wees deur die vader as model na te volg (Biller, 1976, p. 94). Is daar dus vir hom 'n vader as model beskikbaar, sal hy in staat wees om sy eie manlike beeld te vorm. Hierdie vaderbeeld, met die manlike eienskappe wat dit openbaar, moet nou die vroulike eienskappe wat

ontwikkel het as gevolg van die gedurige aanraking met sy moeder, geleidelik vervang (Sears, et al.,1966, p. 261). In die huis waar nie 'n vader is nie, sal die seun probleme ondervind. Een van twee moontlikhede kom dikwels voor: òf die seun openbaar 'n ooraksentuering van manlike gedrag as kompensasie, òf hy openbaar die ander uiterste, naamlik hoogs vroulike gedrag.

Die vervrouliking van die seun vind plaas omdat die moeder geneig is om in dié geval die seun meer na die voorbeeld van die vrou te vorm. Nie-aggressiwiteit karakteriseer vervrouliking en aangesien die moeder nie daarvan hou in ander nie en self alle vorms van aggressie onderdruk, sal sy dit ook in haar seun onderdruk (Sears, et al.,1966, p. 257). As die moeder ook die vader ontwaard deur haar kritiese evaluering, sal dit die vader in die oë van die kind laat met minder gesag. Die seun sal ook voorkeur gee aan die moederrol en hom blootstel aan verdere vervrouliking (Sears, 1953, p. 431; Sears, et al.,1966, p. 173; Bührmann, 1974, p. 44).

Die vader-afwesige seuns het reeds 'n agterstand omdat hulle minder seker is in hulle manlikheid en ook minder aggressief is as hulle maats (Biller, 1976, p. 98; Bach, 1946, p. 77-78; Sears, 1951, p. 31, 33). Indien die moeder se optrede dan sodanig is dat dit die manlike geslagsrolontwikkeling van die seun negatief beïnvloed, is daar ook nie 'n vader in die huis om dit reg te stel nie.

### 3.6.7 Samevatting

Die aanvaarding van 'n spesifieke geslag deur die kind is nie maar 'n vanselfsprekendheid nie. Dit verloop ook nie sonder spanning nie en die kind het beslis hulp nodig. Dit is ook so dat die ouers 'n definitiewe bydrae moet lewer.

Vir die seun is die aanvaarding van die manlike geslagsrol in sekere opsigte redelik problematies. Hy het sonder twyfel hulp nodig. Indien hy nie die nodige hulp ontvang nie, kan dit lei tot ontsporing, wanaanpassing en vervrouliking.

Die vader veral, neem 'n baie belangrike plek in in die geslagsrolaanvaarding van sy seun. Hy is bykans onvervangbaar. Selfs die moeder is nie 'n voldoende plaasvervanger nie.

Die aanvaarding, belewing en uitlewing van die manlike geslagsrol, na aanleiding van die vader se voorbeeld, sal die seun se gevoel van sekuriteit, geloof in homself en selfvertroue versterk. Genoemde eienskappe is nodig vir sukses in die skool. Dit kan dus aanvaar word dat die mate van aanvaarding van 'n eie geslagsrol ook 'n invloed op die seun se skolastiese prestasie sal uitoefen.

Die vroeë kinderjare van die seun is kritiek wat die aanvaarding van 'n eie geslagsrol aanbetref. Onderprestering by seuns is in baie gevalle reeds gevestig voor en gedurende die kleuterskoolstadium (vgl. par.

6.6.4.5). Die vraag ontstaan of daar 'n moontlike verband tussen onderprestering en geslagsrolaanvaarding by seuns bestaan.

## 3.7 DIE INVLOED VAN DIE VADER OP ENKELE ALGEMENE PERSOONLIKHEIDSDIMENSIES

### 3.7.1 Inleiding

Voordat die vader se invloed op bepaalde persoonlikheidstrekke en gedragspatrone ondersoek word, sal eers stilgestaan word by die vader se beïnvloeding van enkele algemene persoonlikheidsdimensies.

Nadat differensiasie van die geslagsrol op driejarige ouderdom reeds sterk ontwikkel het, vind die ontwikkeling van ander persoonlikheidseienskappe vanaf ongeveer vierjarige ouderdom plaas (Sears, 1965, p. 159; vgl. par. 3.6.2). Die kernaspekte van die persoonlikheid wat die basis is vir verdere ontwikkeling, word gedurende die vroeë kinderjare gevorm (Stroup, 1977-78, p. 72). Hierdie persoonlikheidsontwikkeling kan deur die betrokkenheid van die vader, selfs gedurende die seun se tweede en derde lewensjare beïnvloed word (Biller, 1970, p. 196).

Dit gaan hier om die ontwikkeling van die psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe van 'n individu soos dit in sy wisselwerking met sy omgewing, maar veral met ander persone en veral met sy vader en moeder, tot uiting kom. Dit dui op die ontwikkeling van die persoonlikheid van die individu (Gouws, et al.,

1979, p. 230). Hierdie persoonlikheid van die kind is nooit staties nie en ontwikkel geleidelik. Tog beweer sommige psigoloë dat 'n groot deel van die persoonlikheid, karakterstruktuur en lewensstyl van die kind reeds teen die einde van die vyfde of sesde jaar vasgelê is (Greene, 1967, p. 40-41). Bloom (1966, p. 132-133) wys op die algemene bevinding dat die kind se persoonlikheid gedurende die vroeë kinderjare baie vinnig ontwikkel. Gedurende adolessensie kan daar ook nog aanmerklike veranderinge plaasvind. Gedurende volwassenheid word die moontlikheid van verandering egter al kleiner.

### 3.7.2 Persoonlikheidsontwikkeling

#### 3.7.2.1 Individuele bydrae van die vader

Die vader wat positief betrokke is by die versorging van sy seun kan baie daartoe bydrae om te verseker dat die seun nie persoonlikheidsprobleme ondervind nie. Die seun wat die geleentheid het om gereeld met 'n versorgende vader in aanraking te kom en sy gedrag kan naboots, sal positiewe persoonlikheidseienskappe ontwikkel. Seuns wie se vaders, alhoewel baie teenwoordig, min aandag aan hulle gee en min deel het aan hulle versorging, word gekortwiek in hulle persoonlikheidsaanpassing. Hierdie seuns sien hulleself as onseker en onbetroubaar. Die vader wat redelik beskikbaar en versorgend is, is baie waarskynlik self 'n taamlik goed aangepaste persoonlikheid (Reuter en Biller, 1973, p. 341). Indien die vaders, wat nie veel by die opvoeding van die seuns betrokke

is nie, ook nog outokraties is in hulle optrede, verhoog dit die persoonlikheidsprobleme van die seuns (Peterson, et al., 1959, p. 129).

As die seun wat wel 'n vader in die huis teenwoordig het probleme kan ondervind in sy persoonlikheidsontwikkeling, ontstaan die vraag hoeveel te meer dit nie kan gebeur met 'n seun wat sonder 'n vader moet grootword nie. In die volgende paragraaf word kortliks oor hierdie moontlikheid besin.

### 3.7.2.2 Persoonlikheidsprobleme as gevolg van afwesigheid van die vader

Persoonlikheidsprobleme ontstaan maklik wanneer die seun sonder 'n vader moet grootword. Die volgende dien as voorbeelde:

* Santrock (1970b, p. 273) wys daarop dat seuns van wie die vaders weg is voor tweejarige ouderdom in talle vlakke van die persoonlikheidsontwikkeling agter was by seuns wie se vaders op 'n later stadium weg is. Eersgenoemde seuns was byvoorbeeld minder betroubaar, minder arbeidsaam en het meer gevoelens van onsekerheid getoon, selfs as seuns wat tussen die ouderdomme van drie en vyf jaar 'n vaderverlies gehad het.
* Die moeder kan die seun nie dissiplineer nie en dit lei tot aggressiewe en antagonistiese gedrag by die seuns. Indien die moeder die vader verkleineer en slegmaak, vererger dit die negatiewe persoonlikheidstrekke van die seun (Wylie en

Delgado, 1959, p. 644-645). Crumley en Blumenthal (1973, p. 780) wys daarop dat die seuns hulself soms sien as die oorsaak dat die vaders weg is. Dit bring mee dat hulle genoemde negatiewe persoonlikheidseienskappe oorbeklemtoon in die hoop dat die vaders sal terugkom.

* Die vader-afwesige seun produseer soms 'n idealistiese vroulik-gefantaseerde beeld van sy vader, wat die ontwikkeling van sy persoonlikheid negatief beïnvloed (Bach, 1946, p. 71, 78-79).

* Die afwesigheid van die vader as gevolg van egskeiding, is nadeliger vir die seun se persoonlikheidsontwikkeling as afwesigheid as gevolg van dood (Santrock en Wohlford, 1970, p. 266).

#### 3.7.2.3 Bydrae van die vader in die volledige gesin

'n Gesin waarin vader en moeder as gebalanseerde ouers, albei hulle onderskeie bydraes in die opvoeding van die seun lewer, dra daartoe by dat die seun se persoonlikheid normaal ontwikkel (Braithwaite, 1939, p. 12-13; Greene, 1967, p. 40). Indien die vader byvoorbeeld onbeheersde, dwingende magstegnieke teenoor sy vrou gebruik, kan dit gebeur dat as gevolg daarvan sy dieselfde met haar seun doen en haar optrede dus die seun se persoonlikheidsontwikkeling skaad (Hoffman, 1960, p. 141-143).

Die rol van albei ouers, hulle onderlinge verhouding, maar veral die invloed van die vader op die persoon-

likheidsontwikkeling van die seuns, kom duidelik na vore in navorsing van Block, et al. (1973, p. 325-330). Hulle klassifiseer die mans wat in hulle navorsing betrek is, op grond van die kriteria, manlikheid en aanpasbaarheid, in vier groepe:

Groep 1: Die sterk manlike, sosiaal goed aangepaste mans is vol selfvertroue, bekwaam, optimisties en opgeruimd en hulle ouers het 'n wedersydse verdraagsame verhouding. Die vaders is die belangrikste persone in die seuns se persoonlikheidsontwikkeling. Die vaders gee aan die seuns outonomie, aanvaar hulle en is baie beskikbaar as modelle.

Groep 2: Die swak manlike, sosiaal goed aangepaste mans kom voor as oorgekontroleerd, konvensioneel, nougeset en produktief. Hulle is onaggressief, verantwoordelik en suksesvol. Hulle vaders is baie positiewe modelle in terme van sukses, ambisie, aanpassing en in verhoudings met ander mense. Die moeders is bewonderenswaardig en die ouers toon hoogs verdraagsame wisselwerking.

Groep 3: Die sterk manlike, sosiaal swak aangepaste mans openbaar hiper-manlikheid as 'n metode van kompensasie. Hulle toon, onder andere, eienskappe soos selfingenomenheid en gebrek aan kontrole van hulle drange. Hulle vaders is swakkelinge, neuroties, deels verwerpend en baie swak modelle. Die vadermoederverhouding is baie swak. Die moeders is liggeraak en ontevrede met hulle eggenotes.

Groep 4: Die swak manlike, sosiaal swak aangepaste mans openbaar 'n houding van onderworpenheid, twyfel-

agtigheid, kwesbaarheid en werp verdedigend blaam op ander. Dit blyk dat hulle vaders betreklik onbetrokke by hulle families is, maar tog terselfdertyd konflik meebring. Die moeders is onvergenoeg en word beskryf as neuroties. Hulle openbaar gebrek aan energie en toon verwerping van die moederlike verpligtinge. Albei ouers, veral die vader, ondervind probleme om met die huwelik vol te hou.

Dit blyk dus duidelik dat die vader wat in die volledige gesin ook sy bydrae in die opvoeding van die seun lewer, wel sal meehelp dat die persoonlikheid van die seun so volledig as moontlik ontwikkel. So 'n vader is baie beskikbaar as model en staan sy plek vol as man in die gesin. Hy is die belangrikste persoon in sy seun se persoonlikheidsontwikkeling. Hy het 'n gesonde gebalanseerde verhouding met sy eggenote en albei ouers is gelukkig en tevrede in die huwelik.

### 3.7.3 Ontwikkeling van selfvertroue en selfkonsep

Selfkonsep is 'n persoon se siening en evaluasie van homself (Gouws, et al., 1979, p. 269). Selfvertroue dui op 'n persoon se vertroue in sy eie waarde en eie bekwaamheid (Schoonees, et al., 1973, p. 740).

Indien 'n persoon se selfkonsep positief is, lei dit tot selfaanvaarding. Dit lei weer daartoe dat die persoon se selfvertroue verhoog. Die vader wat sy

seun aanvaar en liefdevol behandel, verseker dat die seun homself aanvaar as mens en dat sy selfkonsep verhoog. Medinnus (1965, p. 153) vind 'n positiewe verband tussen vaderliefde en selfaanvaarding en 'n negatiewe verband tussen selfaanvaarding en vaderverwerping en -verwaarlosing. Mussen, et al. (1963, p. 12-13) beweer dat seuns wat nie toegeneë verhoudings met hulle vaders het nie en wat ongelukkig voel omdat hulle onregverdig behandel en verwerp is, negatiewe selfaanvaarding toon en 'n swak selfkonsep het.

Die vader kan beslis meehelp dat die seun se selfvertroue en derhalwe ook sy selfkonsep verstewig. Biller (1974, p. 55) sê dat die vader se volgehoue belangstelling in en deelname aan die versorging en opvoeding van die seun, kan bydra tot die seun se ontwikkeling van selfvertroue, selfkonsep en selfagting.

'n Positiewe verhouding tussen vader en seun is egter nodig. Die seun moet weet dat sy vader hom verstaan en aanvaar. Dit bring 'n gevoel van tevredenheid by die seun mee wat 'n positiewe verband toon met sy selfkonsep (Millen en Roll, 1977, p. 22-24). Coopersmith (1967, p. 196-198) wys daarop dat die betrokkenheid van die vaders by die seuns ook die stel van beperkinge moet insluit. Dit is egter ook belangrik dat die seuns hulle vaders moet vertrou.

Coopersmith (1967, p. 87, 94, 117) doen navorsing om die invloed van die prestige van die vader se beroep

op die selfkonsep van sy seun, vas te stel. Die volgende afleidings word gemaak:

a) Selfkonsep van die seun toon wel 'n verband met die vader se betrekkingsgeskiedenis:

* kinders met swak selfkonsep het waarskynlik vaders wat vir lang periodes sonder werk was;

* indien die vaders beroepe beklee waarvoor hulle dikwels van die huis af weg is en hulle posisie daarom as onstabiel geklassifiseer kan word, is die kinders geneig om 'n onstabiele selfkonsep te vertoon. Hulle selfkonsep is fluktuerend naamlik swak-goed, goed-swak;

* vaders van die hoër middelklas wat gewoonlik by professionele, bestuurders- en ondernemersaktiwiteite betrokke is, se kinders toon 'n goeie selfkonsep.

b) Die vader se optrede dra meer by tot die ontwikkeling van die seun se selfkonsep as die prestige van die vader se beroep. Sy gesindheid teenoor sy seun, sy betrokkenheid by sy seun se opvoeding en die spesiale aandag wat hy aan sy seun gee is belangriker as die prestige van sy beroep.

### 3.7.4 Samevatting

Die vader kan reeds vanaf 'n baie vroeë ouderdom in sy seun se lewe 'n bydrae lewer in sy persoonlikheidsontwikkeling.

Die vader wat vir sy seun beskikbaar is, wat bereid is om met hom in dialoog te tree, wat ook met sy seun saamspeel en -werk, kan met reg verwag dat 'n gesonde basis vir die ontplooiing van die seun se man-wees daargestel is. Die vader moet egter ook, veral wat betref sy sterk positief manlike eienskappe, vir sy seun 'n navolgenswaardige voorbeeld wees. As hy daarby ook nog die balans tussen die streng gesagsfiguur en die liefdevolle, hartlike, toegeneë, belonende vaderfiguur kan bewaar, kan hy verwag dat sy seun positief sal reageer wat betref die ontwikkeling van 'n manlike rol. So 'n vader se seun sal ook 'n gebalanseerde persoonlikheid ontwikkel en die sô nodige selfvertroue besit.

## 3.8 DIE VADER SE INVLOED OP BESONDERE PERSOONLIKHEIDSDIMENSIES

### 3.8.1 Inleiding

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die vader reeds op 'n baie vroeë stadium in die seun se lewe, as opvoeder, 'n belangrike rol vervul. Die vader is by uitstek die opvoeder wat die seun moet lei en onderrig. Die seun soek ook in besonder skakeling by sy vader omdat hy behoefte het aan hulp wat vir hom die koers kan aandui op die pad van manlike volwassewording. Daar is ook vasgestel dat die vader diê ouer is wat die seun in sy geslagsrolontwikkeling kan bystaan. As dit dan die plek is wat die vader in die seun se opvoeding inneem, kan aanvaar word dat sy optrede die hele persoonlikheid van die seun

gaan beïnvloed. Hierdie beïnvloeding van die vader sal op verskillende vlakke na vore kom, waaronder die emosionele, sosiale, seksuele en sedelike vlakke.

Van der Walt,et al. (1977, p. 49) verwys na die persoonlikheid van die mens as die diepste wortel of radix van sy selfheid, sy ek, maar ook sy mens-wees. Opvoeding het altyd te doen met die hele kind (opvoedeling). Dit word nooit op slegs 'n enkele faset van die persoon gerig nie. Die opvoeding deur die vader wat op sekere vlakke van die persoonlikheid toegespits is, dui dus nog altyd op die ontsluiting van die seun se persoonlikheid as geheel, *in toto.* Die totale benadering en betrokkenheid bly egter nog op die hart en daarmee saam die hartstoerusting, gerig.

Omdat hierdie bydrae van die vader 'n belangrike rol in die seun se ontwikkeling speel, sal hierdie aangeleentheid in die besonder ondersoek word. Dit behoort ook nog groter lig te werp op die invloed wat die vader moontlik op die skolastiese prestasie van die seun sal uitoefen. Die moontlikheid van raakvlakke met die identifikasie van die seun met die vader, behoort ook na vore te kom.

### 3.8.2 Emosionele vlak

#### 3.8.2.1 Inleiding

Emosie is 'n komplekse toestand wat gepaard gaan met fisiologiese veranderinge waarby die hele organisme

betrokke is. Dit is meer as slegs gevoel wat 'n bewuste beleweing is en 'n deel van emosie vorm (Gouws, et al., 1979, p. 73, 105). Verwysing na die emosionele vlak, die emosionele lewe of emosionele betrokkenheid van die kind, dui in hierdie geval egter meer op sy gevoelslewe, die meer affektiewe.

3.8.2.2 Invloed van vaderafwesigheid

Die invloed wat die vader het op die ontwikkeling van die kind en wel wat sy emosionele lewe betref, word veral duidelik wanneer die vader nie in die huis teenwoordig is nie. Sy afwesigheid veroorsaak 'n verandering in die onderlinge persoonlike verhoudinge van die gesinslede (Sears, et al.,1946, p. 232). In baie gevalle kom die kind se emosionele ontwrigting, as gevolg van die vader se afwesigheid, in een of meer van die volgende na vore: woede-uitbarstings, histeriese koördinasieloosheid, 'n irrasionele skuldgevoel en behoefte aan straf, 'n sterk drang na narsistiese besering, regressiewe simptome of 'n afname in ego-kontrole (Crumley en Blumenthal, 1973, p. 779).

Indien die vader reeds gedurende die kind se suigelingstadium uit die huis weg is, kan dit groot emosionele skade berokken. Emosionele skade wat op so 'n vroeë stadium in die kind se lewe veroorsaak is, het 'n groter effek op sy toekomstige karakterontwikkeling as soortgelyke skade op 'n later stadium wanneer die persoonlikheid reeds meer volledig ontwikkel

is (Bartemeier, 1953, p. 278). Kinders van wie die vaders weg was gedurende die eerste paar jaar van hulle lewe toon meer angsreaksies as kinders van wie die vaders gladnie weg was nie (Koch, 1961, soos aangehaal deur Biller, 1970, p. 191; 1971, p. 75; Stolz, et al., 1954, p. 322).

Ook by elf- tot vyftienjarige seuns van manlike militêre dienspligtiges, is 'n beduidende verband gevind tussen die afwesigheid van die vaders en die emosionele versteuring van die seuns. Die mate van versteurdheid by die seuns kon selfs gebruik word om die tydsduur van die afwesigheid van die vaders te voorspel (Pedersen, 1966, soos aangehaal deur Walters en Stinnett, 1971, p. 81). Le Corgne en Laosa (1976, p. 471) het vasgestel dat, van vier groepe wat hulle getoets het, naamlik vader-afwesige seuns en -dogters en vader-teenwoordige seuns en -dogters, die vader-afwesige seuns die meeste emosionele ontwrigting en wanaanpassing openbaar.

In die eenouer-gesin met net die vader as ouer, ontstaan die vrees by die kind dat die vader, netsoos die moeder eendag sal wegloop. Dieselfde situasie ontstaan as die moeder die kinders alleen versorg (Schlesinger, 1978, p. 12).

Die vader wat as opvoeder in die huis teenwoordig is, help dus dat die kind nie op emosionele vlak ontspoor nie. Dit kan die klein seuntjie help om 'n emosioneel stabiele persoonlikheid te ontwikkel en dit kan bydra tot sukses op skolastiese gebied. Bouwer (1973, p. 3)

beweer tereg dat die versorging en aandag wat die kind gedurende die eerste jare van sy lewe kry, deurslaggewend is vir sy verstandelike ontwikkeling en sy latere emosionele lewe.

Wanneer die vader nie in die huis is nie, gebeur dit dat die moeder vir hom moet instaan. Hierdie toedrag van sake kan moontlik 'n invloed op die emosionele ontwikkeling van die seun uitoefen, daarom word ook oor hierdie aspek besin.

#### 3.8.2.3 Die moeder se optrede in afwesigheid van die vader

Indien die moeder alleen verantwoordelikheid vir die kinders moet aanvaar, bring dit mee dat verskillende omstandighede ontwikkel wat kan lei tot angstoestande by die kind.

Die vader se afwesigheid kan daartoe lei dat die moeder die baba of kleuter oorbeskerm (Biller, 1974, p. 90). Dit kan verhoed dat die kind selfstandig ontwikkel, met die gevolg dat emosionele en spanningsprobleme ontstaan. Die abnormale gehegtheid aan die moeder, wat kan lei tot 'n oorintense verbintenis tussen moeder en seun, is 'n goeie voorbeeld hiervan (Biller, 1974, p. 29; Eksteen, 1967, p. 147).

Ekonomiese onsekerheid staar dikwels die vader-afwesige kind in die gesig. Indien die vader weg is, bring dit mee dat die moeder self moet uitspring om te gaan werk met die gevolg dat 'n spanningsituasie

vir die kind ontstaan (Wynn, 1964, p. 90; Le Corgne en Laosa, 1976, p. 471; Schlesinger, 1978, p. 18; vgl. par. 1.2.2.6). Die ekonomiese onsekerheid kan angstoestande by die kind na vore bring. Dit tas sy sekuriteit aan en kan gevoelens van minderwaardigheid veroorsaak. Die verloop van die opvoedingsproses kan hierdeur baie benadeel word, juis omdat die só nodige geborgenheid en gevoel van veiligheid versteur word. Van der Walt, et al. (1977, p. 220) wys daarop dat alle oueropvoeding moet strewe om die kind seker, veilig en geborge te laat voel.

Dit is baie moontlik dat vaderlose kinders, veral klein kindertjies, onbeskerm, onversorg en sonder toesig gelaat kan word. Hulle is ook heelwaarskynlik die groep wat sonder huisvesting gelaat word, onvoldoende akkommodasie het of baie dikwels van tuiste verander (Wynn, 1964, p. 16). Dit is ook meer waarskynlik dat die gesin, met net 'n moeder as hoof, heeltemal sal ontbind as gesinne wat nog albei ouers het. Die kind se geborgenheid en veiligheid wat vir hom so noodsaaklik is, word deur hierdie onsekere omstandighede versteur.

Dit is duidelik dat dit vir die moeder baie moeilik is om 'n natuurlike gesinsituasie te skep as die vader afwesig is. Die nadelige gevolge daarvan is ontwrigtend vir die kind se emosionele ontwikkeling.

'n Moontlike direkte gevolg van sodanige ontwrigting, kan wees dat daar geen of min vordering op skolastiese gebied sal wees. Die kind se visie vir die ontwikke-

ling van sy intellektuele vermoëns mag sodanig verduister dat hy tou opgooi en skool verlaat.

Selfs in gevalle waar die vader wel teenwoordig is, kan sy optrede of gebrek aan optrede so wees dat dit die seun se emosionele ontwikkeling skaad. Aandag sal derhalwe ook aan sulke omstandighede gegee word.

#### 3.8.2.4 Onvoldoende leiding deur die vader

Die vader kan spanningstoestande bevorder deur swak of onvoldoende leiding aan sy kinders: So behoort hy baie vroeg reeds sterk, dog simpatieke leiding aan sy seun te gee wat betref die geslagsrol wat hy moet aanvaar. Indien hy dit nie doen nie, kan dit vir die seun baie emosionele spanning meebring. Voorskoolse seuns is bewus daarvan dat van hulle verwag word dat hulle belangstellings en aktiwiteite sterk manlik gerig moet wees. Baie strenger eise word aan die seun as aan die dogter gestel. Die dogter kan haar geleidelik in die vroulike rol inleef, maar die eise van manwees word ru op die seun afgedruk sonder dat hy weet waarom. Dit word nie vir hom positief gestel en gedefinieer nie. Alle optrede en gedrag wat enigsins neig na die vroulike, word bestempel as "sissy" en as negatief aan die seun voorgehou (Hartley, 1959, p. 457; Bührmann, 1974, p. 44).

Hierdie emosionele spanning kan lei tot angstoestande by die seun wat tot uiting kan kom in 'n oorkonsentrasie om manlik te wees, uit vrees dat hy gevang sal

word terwyl hy iets doen wat tradisioneel vroulik is. Die oorkonsentrasie om manlik te wees kom sterk na vore in navorsing deur Gray (1957, p. 203-213) wat vasstel dat kinders wat so konsentreer om geskikte geslagsgedrag te openbaar, juis diegene is wat baie angs openbaar. Die seuns is vyandig teen enigiets wat ŉ sweem van vroulikheid het en ook teen die vrou self. Die seun wat weier om klavierlesse te neem, net omdat dit ŉ assosiasie met die vroulike het, is ŉ voorbeeld hiervan. Hierdie oorreaksie is ŉ aanduiding van die intensiteit van die emosie wat vroeg in die lewe vasgelê is, voordat die seun se beoordelings- en kontrolevermoë ontwikkel het.

ŉ Kind se geslag is soms vir die ouers ŉ teleurstelling. Die dogter kry ŉ seunsnaam en die seun ŉ dogtersnaam (Bührmann, 1974, p. 44). As voorbeeld, kan ŉ hoërskoolseun met die naam Johanna genoem word. Die emosionele spanning was vir hierdie seun sodanig dat hy wanaangepas was en gladnie kon presteer nie. Sterk standpuntinname deur die vader het ontbreek.

### 3.8.2.5 Die vader as bron van beskerming

Die klein kind het baie vrese vir die onbekende groot wêreld en die vader is die een wat aan hom die beskerming moet bied teen hierdie innerlike vrese en bedreiginge van die buitewêreld. Die kind moet bewus wees daarvan dat die vader hom sal beskerm. Hierdie beskermingsboodskap moet na hom oorgedra word sonder woorde, die vader se blote teenwoordigheid moet dit

uitspel. Freud sê dat geen behoefte in die kinderjare groter is as die behoefte aan die vader se beskerming nie (Ginott, 1965, p. 169-170).

Die vader, as beskermer, het ook die taak om aan die kind simpatie te betoon in sy frustrasies, angste en woede en hom sodoende te lei om dit langsamerhand self te verwerk. Die vader lê met hierdie simpatiebetoning 'n stewige fondament vir verdere skakeling met sy seun, ook wat sy skoolaangeleenthede betref.

### 3.8.2.6 Samevatting

Dit is waar dat emosionele versteurings en angstoestande reeds vroeg in die lewe van die kind ontstaan. Hierdie angstoestande is nie slegs van verbygaande aard nie, maar vorm 'n faset wat die persoonlikheidsontwikkeling van die kind beïnvloed. Die vader wat nie voldoende aandag aan sy kinders se opvoeding gee nie en dikwels of permanent afwesig is, dra by tot onsekerheid by die kind en dit lei in baie gevalle weer na gevoelens van angs en vrees.

Vaderafwesigheid bring mee dat die moeder haar weg alleen moet vind. Dit kan lei tot toestande wat vir die seun emosioneel ontwrigtend is.

Die vader wat nie aan die klein seuntjie hulp verleen in sy manword nie, en ook nie vir hom die nodige beskerming bied nie, dra by tot sy emosionele ontwrigting.

Die optrede van die vader kan dus beslis die emosionele lewe van die seun beïnvloed, en waar die beïnvloeding negatief is, kan dit onberekenbare skade veroorsaak. Die emosionele lewe van die kind sal weer sy skolastiese prestasie beïnvloed.

### 3.8.3 Sosiale vlak

#### 3.8.3.1 Inleiding

Sosialisering is die proses wat gedurende die suigelingstadium begin en waardeur die mens sosiaal aanvaarde houdings, idees en gedragspatrone deur skakeling met ander persone aanleer. Deur die proses van sosialisering verwerf die persoon ook 'n eie persoonlikheid (Roucek en Warren, 1959, p. 24-25). Stewart en Glynn (1971, p. 59) sien sosialisering as die proses waardeur 'n persoon die oortuiginge, houdings, waardes en gebruike van die kultuur waarin hy grootword, sy eie maak. Dit sluit ook die ontwikkeling van 'n eiesoortige persoonlikheid vir elke individu in. Laasgenoemde bring noodwendig mee dat 'n verskeidenheid persoonlikhede in dieselfde kultuur ontwikkel.

#### 3.8.3.2 Die vader en klein kind

Die sosialiseringsproses van die seun verloop anders as dié van die dogter. Dit vind, onder andere, vroeër en hewiger plaas (Lewis en Weinraub, 1974, p. 170). Die seun moet as't ware losgeruk word van die vroue-

wêreld en dan leer om by die, vir hom vreemde wêreld van die man, in te skakel. In die wegbeweeg van die bekende na die onbekende het die seun hulp nodig. Lewis en Weinraub (1976, p. 173) beweer dat die vader juis die een is wat direk en indirek 'n groot invloed op die jong kind uitoefen. Sy optrede affekteer die kind se hele sosiale netwerk.

Om te kan inskakel in die groter sosiale opset moet die vader die kind, veral gedurende die kritieke kleinkindperiode, geleidelik lei tot onafhanklikheid. Hy moet die kind doelbewus leer om onafhanklik te wees. Reeds op die suigelingstadium sal hierdie proses van begeleiding na onafhanklikheid 'n aanvang moet neem. Die klein kind toon die neiging om afhanklik van die moeder te wil bly. Die moeder word gou vir hom die objek wat sy behoeftes bevredig. Hy manipuleer as't ware die moeder. Cilliers en Joubert (1966, p. 184) sê die kind verwag van die moeder om sy behoeftes te bevredig. Die moeder besef egter nie altyd dat hierdie eise wat die seuntjie aanhou stel, hom oorafhanklik van haar maak nie. Ook hier is dit die vader wat moet ingryp en die moeder bewus moet maak van haar verkeerde optrede. Die vader is vir die grootste gedeelte van die kind se wakker-tyd by die werk. Hy is derhalwe nie so betrek by die sosialiseringsproses wat deur die dag plaasvind nie. Die vader is dus die ouer wat meer objektief kan waarneem. Hy kan hierdie afhanklikheidsaangetrokkenheid tot die moeder raaksien en verbreek (Stendler, 1954, p. 145).

Om met ander persone sosiaal te kan verkeer, is dit nodig dat die kind selfvertroue ontwikkel. Hierdie selfvertroue ontwikkel eerstens indien hy in sy huis veilig en geborge voel. Die vader-moederverhouding wat stewig veranker en gesond is, bied vir die klein kind tot so 'n mate sekuriteit dat dit aan hom die nodige selfvertroue verskaf om ook met ander persone in sosiale verband te kommunikeer (Lamb en Stevenson, 1978, p. 293; Scholtz, 1973, p. 94). Die vader leer die klein kind om ook in die huis met sy broers en susters te verkeer. Dit bied ook aan hom die sekuriteit om geleidelik verder, buite die gesin, skakeling te soek.

In die huisgesin gebeur dit meestal dat dit die moeder is wat meer in kontak kom met die seun as die vader. Dit sal derhalwe gebeur dat die moeder met haar ekspressiewe, na-binne gerigtheid, soms onbewus, die seun ook in die rigting wil lei. Dit sal dan die vader se taak wees om die ewewig te herstel. Hierdie opset word in die volgende paragraaf bespreek.

#### 3.8.3.3 Die vader as teenpool vir die moeder

Die vader moet ook, wat die sosialisering van die seun betref, bewus wees van die moontlike probleme wat kan ontstaan as gevolg van optrede deur die moeder. Stendler (1954, p. 125-146) stel in haar navorsing vas dat in die sosialiseringsproses die moeder veral geneig is tot oorbeskerming. Dit lei tot oorafhanklikheid by die kind, wat 'n ernstige onderbreking

in die sosialiseringsproses meebring. Veral gedurende die tydperk nege maande tot drie jaar, die tydperk waarin die kind veral moet leer om onafhanklik te word, word baie skade berokken. Die vader moet dus waak teen oorbeskerming deur die moeder.

Die moeder se oorbeskerming kom ook na vore daarin dat sy geneig is om die seun te ontmoedig om deel te neem aan manlike groepsaktiwiteite saam met sy maats. Dit gebeur dat die belangstelling van dié seun verskil van dié van sy manlike tydgenote. Die neiging bestaan soms by hierdie tipe seun om nie met sy maats te kommunikeer nie, maar om platoniese vriendskappe met dogters aan te koop of om met onmanlike seuns te assosieer (Biller, 1974, p. 71). Die vader moet dus sorg vir 'n hartlike, toegeneë verhouding met sy seun, sodat daar gemeenskaplike belange kan wees en genot gedeel kan word in tipies manlike aktiwiteite (Kahl, 1973, soos aangehaal deur Eksteen, 1978, p. 50). Indien dit nie plaasvind nie, kan dit ernstige skade aan die seun se sosiale ontwikkeling berokken.

Die vader moet ook bewus wees van groter afhanklikheidseise wat die kind van tyd tot tyd kan stel, indien die moeder miskien nie in die huis is nie. In die geval van dood of verhuising, of tydens siekte moet hy die kind help om hierdie tydperk te oorbrug sonder om te verval in oorafhanklikheid met die daarmeegepaardgaande blokkasie in die sosialiseringsproses. Vanuit die huis wat aan die seun genoegsame geborgenheid en veiligheid bied, sal hy ook leer om na buite te beweeg. Hy sal in sosiale verband aan-

sluiting soek by sy maats.

### 3.8.3.4 Die seun en sy maats

Die vader is die ouer wat sy seun sal leer om met sy maats te kommunikeer. Dit dien as baie belangrike voorbereiding sodat hy eendag sy plek as man in die lewe kan volstaan. ŉ Man se sukses word baie keer bepaal deur die moontlikheid om sosiaal met gelykes, minderes en meerderes te kan verkeer.

Die teenwoordigheid van ŉ manlike vader in die huis, wat gepaste manlike gedrag openbaar sodat die seun van hom kan leer en wat ŉ positiewe verhouding met sy seun het, bied vir die seun ŉ basis vir suksesvolle verhoudings met sy maats (Biller, 1971, p. 69; Mussen, et al., 1963, p. 14). Seuns wat baie populêr is onder hulle maats en vir hulle hoogs aanvaarbaar is, is juis diegene wat sterk ooreenkomste met hulle vaders toon en hulleself meer met hulle vaders vereenselwig as seuns wat nie so populêr is nie (Gray, 1957, p. 210-213; 1959, p. 103-104; Helper, 1955, soos aangehaal deur Biller, 1971, p. 69). Seuns wat ooreenkomste met die vader toon, wat dus deur die vader geleer is om sosiaal te verkeer, toon ŉ groot mate van selfvertroue (Mussen, et al., 1963, p. 14) en word deur hulle onderwysers beskou as vriendeliker as seuns wat merkbaar van hulle vaders verskil (Payne en Mussen, 1956, p. 362).

Hierdie seuns is baie waarskynlik dié wat deur die

vaders geleer is om deel te neem aan manlike aktiwiteite onder andere sport en spele, wat waaghalsig is en nie skaam is nie, die sogenaamde "real boys". Hulle is juis dié groep wat die populêrste is onder hulle maats (Tuddenham, 1952, p. 19, 38; 1951, p. 275).

Die seun wie se vader afwesig is, word dikwels belemmer in sy verhoudinge met sy gelykes omdat dit hom aan 'n vaste manlike oriëntering ontbreek (Biller, 1974, p. 70; 1971, p. 69; Crumley en Blumenthal, 1973, p. 781). Selfs by kinders van vier- tot agtjarige ouderdom, kon hierdie swakker verhoudings met die maats as gevolg van afwesigheid van die vader, vasgestel word (Stolz,et al., 1954, p. 321).

Indien die vader tog in die huis is, maar die moeder die sterkere is, die vader dus nie die seun leer om manlik op te tree nie, sal die seun ook probleme ondervind in sy verhouding met sy gelykes (Hoffman, 1961, soos aangehaal deur Biller, 1974, p. 71; 1971, p. 70).

Die sosiale ontwikkeling van die seun verloop nie altyd sonder slag of stoot nie. Wanneer daar in sy op-weg-wees na volwassenheid probleme ondervind word, kom dit dikwels by die seun na vore in asosiale gedrag. Dit is dan ook nodig om te kyk na die oorsake daarvan en te besin oor die moontlike betrokkenheid van die vader.

### 3.8.3.5 Die seun en asosiale gedrag

#### 3.8.3.5.1 *Ontsporing en vader-seunverhouding*

Die seun wat asosiale gedrag openbaar, wat oortreder en jeugmisdadiger is, is inderwaarheid ontspoor - 'n kind in nood. Die vader sal as opvoeder besondere aandag en hulp aan hierdie tipe seun moet verleen. Hierdie seun het alreeds opgegroei met affektiewe (gevoels-) verwaarlosing, hy het nooit die sin van menswaardigheid geleer nie, hy waag hom nie in die wêreld nie en het eintlik nog baie min gevorder op die pad na volwassenheid. Psigiese en/of fisiese motivering alleen gaan die seun nie help nie. Daar moet deurgedring word tot sy geestelike kern, sy eksistensie moet geraak word. Die vader kan eers sukses verwag indien daar 'n werklike ontmoeting met die seun plaasvind, indien daar 'n geperforeerde veld ontstaan en hy deurdring tot die seun se diepste wese - sy hart. Die seun wat asosiaal is se dialoog met die wêreld is verbreek en hy moet gehelp word om dit te herstel deur eers in dialoog met sy vader te tree. Die vader moet ook vertroue in die seun hê, sodat die seun kan leer om ook in homself en in sy medemens te glo en hom te vertrou. Die vader moet dus vir die seun die nodige geborgenheid bied, wat hom die vrymoedigheid sal gee om nie alleen by die gemeenskap in te skakel en ook daar geborge te voel nie, maar om ook self in die gemeenskap 'n bydrae te lewer.

3.8.3.5.2 *Oorsake*

In baie gevalle kan die oorsake van die antisosiale gedrag van die kind by die huis gesoek word. Telkens kom die rol van die vader na vore. Talle vaders wat onvolwasse is en self probleme het met die kontrole van hulle drange, se seuns is jeugmisdadigers (Jenkins, 1968, soos aangehaal deur Biller,1974, p. 69).

Wat die jeugoortreder betref, neem die vader 'n buitengewoon belangrike plek in. Die vader se dissipline is besonder belangrik. As die vader genoeg aandag aan sy seun gee en hom gereeld en genoegsaam in liefde dissiplineer, behoort dit hom van jeugmisdaad te weerhou (Glueck en Glueck, 1950, p. 130-133; 1959, p. 16-17, 244, 248; Schaefer, 1965, soos aangehaal deur Biller, 1974, p. 69; Niehaus, 1973, Kröger, 1973, Kohrs, 1973, soos aangehaal deur Eksteen, 1978, p. 125).

Sporadiese toepassing van dissipline sonder om werklik met die seun kontak te maak, sal egter meer skade doen as goed. Opvoeding deur die vader vereis dus van hom selfdissipline en opoffering. Glueck en Glueck (1959, p. 16-17) noem dat die dissipline van die vaders van 72,5% van die jeugmisdadigers in hulle navorsing, beskou word as ekstra streng of wisselvallig. Die vaders se houding word in 75,9% van die gevalle as onverskillig of vyandig aangegee. Daar word deur albei ouers min gebruik gemaak van oorreding en aanmoediging (Glueck en Glueck, 1950, p. 132-133).

Die rol wat die vader, as gesagsfiguur en met die hantering van dissipline, in die gesin vervul, is dus baie belangrik. Hoe belangrik dit werklik is, word verder duidelik as die optrede van die moeder, waar die vader nie self dissipline handhaaf nie of waar die vader afwesig is, in ag geneem word. 'n Hoër persentasie jeugmisdaad word onder seuns gevind wat by hulle moeders bly na die afsterwe van hulle vaders, as by seuns wat by hulle vaders bly na die afsterwe van hulle moeders (Gregory, 1965a, p. 103). In die geval van die jeugmisdadigers is die dissipline van die moeders laks en wisselvallig (Glueck en Glueck, 1959, p. 16-17).

Afwesigheid van die vader lei in baie gevalle tot hoogs onvolwasse optrede van die seun. Die vader-afwesige seuns is beduidend meer sosiaal wanaangepas as die vader-teenwoordige seuns (Le Corgne en Laosa, 1976, p. 471). Die vader-afwesige seuns is ook geneig om herhaaldelik ernstige gedragsprobleme te openbaar wat betrekking het op hulle aanpassing by die skool (Gregory, 1965a, p. 108; Wylie en Delgado, 1959, p. 644-649; Gabower, 1960, p. 183-184; Biller. 1974, p. 80; Crumley en Blumenthal, 1973, p. 779; Methuen, 1973, Molloy, 1973, soos aangehaal deur Eksteen, 1978, p. 64, 69).

Heelwat skrywers dui aan dat die seuns van afwesige vaders minder aggressief is as die seuns van vaders wat teenwoordig is (Sears, et al., 1946, p. 236, 239, 242-243; Sears, 1951, p. 27, 29; Bach, 1946, p. 71).

Bach (1946, p. 79) wys egter daarop dat eersgenoemde seuns 'n idealistiese en vervroulikte fantasiebeeld van die vader skep, terwyl die kontrolegroep die aggressiewe eienskappe van die vader weergee, wat rym met wat Sears,et al. (1966, p. 172) en Sears (1951, p. 29) sê, naamlik dat die afwesigheid van die vader gedurende die seun se derde en vierde lewensjaar, daartoe bydra dat die seun se uitdrukking van aggressie vervroulik. Alhoewel die minder aggressiewe seun van die afwesige vader moontlik sosiaal beter gaan aanpas, bestaan die gevaar tog dat hy geneig sal wees om te vervroulik en dit sal weer lei tot aanpassingsprobleme. Santrock en Wohlford (1970, p. 265-266) stem nie saam dat die seun van afwesige vaders minder aggressief is nie. Hulle wys daarop dat vaderafwesigheid, veral op 'n later ouderdom, manlike aggressie by die kind aanhelp. Hulle wys ook daarop dat egskeiding of dood van die vader, aggressie by die seun sterk na vore laat kom. Geoordeel aan die mate van aggressie wat die seun openbaar, vind hulle egskeiding meer ontwrigtend vir die kind as die dood van 'n ouer. Aggressie is volgens hulle in albei gevalle die gevolg van die afwesigheid van die vader.

Waar nie 'n vader in die huis teenwoordig is nie, moet die moeder as plaasvervanger vir die vader intree. Die sukses van die moeder as plaasvervanger vir die vader, sal nie alleen deur haar vervulling van die rol as hoof van die huishouding bepaal word nie. Sy moet speelmaat en sosialiseerder vir die seun wees

om te voorsien in die sosiale betrokkenheid, wat andersins die bydrae van die vader sou wees (Lamb, 1975, p. 258; Rendina en Dickerscheid, 1976, p. 377). Hierdie plaasvervangende rol stel hoë eise aan die moeder waaraan sy in baie gevalle nie kan voldoen nie. Die gevolg daarvan is dat dit asosiale gedrag by die seun kan bevorder.

Die seun sal geleidelik begin om in die teenoorgestelde geslag belang te stel. Dit sal ook sy sosiale ontwikkeling beïnvloed. Aan hierdie faset word derhalwe ook aandag gegee.

#### 3.8.3.6 Die kind in heteroseksuele verband

Die seun en dogter moet die vermoë aanleer om met die teenoorgestelde geslag sosiaal te verkeer. Hulle moet ook eendag, soos die vader en moeder as man en vrou in die huwelik, die kern vir die voortbou van 'n gesin vorm.

Dit is ook hier die plig van die vader om sy seun aan die hand te neem en hom te lei en te onderrig. Die voorbeeld wat die vader vir die seun stel, is egter van die grootste belang. 'n Positiewe vader-kindverwantskap kan die seun se sekuriteit in sy omgang met die teenoorgestelde geslag grootliks vergemaklik. Die seun wat na die voorbeeld van die vader 'n positiewe manlike selfbeeld ontwikkel het, toon baie groter selfvertroue in heteroseksuele wisselwerking. Die aanpassing van die man in die huwelik toon 'n ver-

band met sy verwantskap met sy vader asook met die verhouding tussen sy ouers in hulle huwelik (Biller, 1976, p. 114; 1974, p. 75; Barry, 1970, p. 47).

Skakeling in sosiale verband vind ook plaas met ander persone buite die huisgesin. Elke nuwe skakeling is andersoortig en dra iets anders by tot die sosiale ontwikkeling van die seun, daarom word baie kortliks hierna verwys.

### 3.8.3.7 Verdere skakeling

Die volwassene skakel sosiaal nie alleen met sy gesin nie, maar ook met ander familielede, sy bure, sy kerk, die persone wat saam met hom werk, sy gemeenskap, sy volk. Die kind moet ook op hierdie vlak deur vader en moeder in die breë sosiale lewe ingelei word. Kleuters wat 'n hegte kontak met albei hulle ouers opbou, sal makliker met ander familiebetrekkinge en vriende skakeling vind. Gedurige wisselwerking tussen die kind en albei sy ouers, verseker groter verskeidenheid van ondervindinge en dus meer aanpasbaar is by veranderinge in sy omgewing (Biller, 1974, p. 29).

Dit is vir die seun belangrik en noodsaaklik om met persone in gesagsposisies te kan skakel, omdat hy self uiteindelik 'n beroepsrigting moet volg. Dit is verder ook belangrik omdat hy,wat sy skolatiese loopbaan betref, teenoor meerderes wat hom sal onderrig, geplaas word. In die volgende paragraaf word hierdie afdeling derhalwe bespreek.

### 3.8.3.8 Die seun en gesagsfigure

Die seun wat sy vader moes ontbeer, ondervind heelwat probleme om met volwasse manlike persone wat in gesagsposisies is te kommunikeer. Hy respekteer hulle gewoonlik nie en is baie opstandig teenoor hulle (Biller, 1976, p. 110; Douvan en Adelson, 1966, p. 264). Die seun wie se vader op 'n liefdevolle realistiese manier vir hom perke stel, is beter in staat om vir homself perke te stel. Daar bestaan ook 'n verband tussen 'n sigbare ooreenkoms met die vader en 'n positiewe verhouding met gesagsfigure (Bieri en Lobeck, 1959, p. 80).

### 3.8.3.9 Samevatting

Die vader het 'n besondere taak ten opsigte van die sosialisering van die seun. Omdat hy die seun die beste verstaan, is hy juis die ouer wat die klein seuntjie alreeds kan help en in sy sosiale aktiwiteite inlei.

Die vader kan ook verseker dat die moeder nie haar seun oorbeskerm en sodoende sosiaal-manlike ontwikkeling strem nie. Hy leer die seun verder om deel te neem aan manlike aktiwiteite. Die vader kan deur sy positiewe verhouding met sy seun, verseker dat die seun nie asosiale gedrag ontwikkel nie.

Die seun se vermoë en vrymoedigheid om sosiaal te verkeer, ook met sy meerderes, sal meehelp dat hy met sy onderwysers en uiteindelik met sy dosente makliker

kan kommunikeer. Dit kan weer die kind se skolastiese prestasie positief beïnvloed. Die selfvertroue en geloof in homself sal ook die moontlikheid van onderprestering teenwerk. Die sekuriteit wat deur selfstandigheid en onafhanklikheid bevorder word, is op sigself ook belangrik vir sukses op skolastiese gebied.

### 3.8.4 Seksuele vlak

#### 3.8.4.1 Inleiding

Die vader se bydrae in die ontwikkeling van die seun op seksuele vlak, dui op hulp aan die seun in sy ontwikkeling as man. Die seun moet ook ontwikkel as man wat eendag saam met sy lewensmaat van die teenoorgestelde geslag, binne die huwelik sy opdrag van "wees vrugbaar en vermeerder ..." (Genesis 1:28), gestand doen. Die seun moet besef en aanvaar dat hy man is en niks anders nie. Sy Woord is duidelik, "... man en vrou het Hy hulle geskape" (Genesis 1:27). Hy sal uiteindelik as man, "... sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef" (Genesis 2:24).

#### 3.8.4.2 Vroeë kinderjare

Die kind se seksuele ontwikkeling sluit baie nou aan by sy geslagsrolontwikkeling. Die feit dat die kind by geboorte geïdentifiseer word as ŉ seun of ŉ dogter en dat die ouers die kind as sulks opvoed, beteken nie dat sy geslagsrol en uiteindelik die

uitlewing daarvan op seksuele gebied, noodwendig ooreenstem nie (Gundlach, 1969, p. 137). Die toekenning van 'n spesifieke geslag net na geboorte, sal ook nie beteken dat die kind noodwendig die seksuele gedrag wat by die betrokke geslag pas, sal ontwikkel nie (Sears, 1965, p. 13). Money en Ehrhardt (1972, p. 16) verwys ook na jong kinders wat normale voortplantingsorgane het, maar wat gedrag manifesteer en drange openbaar wat toepaslik is vir die teenoorgestelde geslag.

Sears (1965, p. 133) wys daarop dat die spesifieke geslagsrol wat gedurende die vroeë kinderjare aan die kind voorgehou word, baie belangrik is vir die bepaling van die geslagsrol wat hy uiteindelik sal aanvaar. Die vader veral, sal moet sorg dat die korrekte geslagsidentiteit vroeg by die seun vasgelê word, anders kan die seun in sy latere lewe 'n kandidaat wees vir parafilie. Money en Ehrhardt (1972, p. 148) verwys na parafilie en beweer dat die meerderheid seksuele anomalieë juis uitsluitlik as verdraaiings van die manlike geslagsidentiteit gevind word. Een van die mees algemene verdraaiings wat vandag al meer tevoorskyn tree, is homoseksualisme. In die geval van manlike homoseksualisme kan die vraag gestel word of die vader geheel of gedeeltelik daarvoor verantwoordelik gehou kan word. Aangesien dit 'n indringende vraag is, veral waar dit gaan om die seksuele ontwikkeling van die seun, word hierdie parafilie ook kortliks bespreek.

3.8.4.3 Vader, seun en homoseksualisme

Vroulikheid by die seun kan moontlik dui op homoseksualisme. Shively, et al. (1978, p. 233) staaf hierdie bewering. Hulle sê dat soos wat heteroseksualiteit 'n verband toon met manlike mans en vroulike vrouens toon homoseksualiteit 'n verband met vroulike mans en manlike vrouens. Die seun wat 'n groot mate van vroulikheid openbaar, sal daarom juis baie van sy vader se hulp afhanklik wees. Die vader sal uit sy pad moet gaan om te verseker dat die seun by hom as vader en by sy manlike aktiwiteite betrek word.

Die manlike homoseksualis se vader word as onbevredigend getipeer (West, 1959, p. 94-95). Hulle word beskou as onbekwaam en het ook nie warm, liefderyke verhoudings met hulle seuns nie (Nash, 1965, p. 277). Green (1974, p. 239-241) wys daarop dat die verwydering reeds op 'n vroeë ouderdom kan begin en dat die gaping vinnig kan vergroot. Omdat die vader die minimum met die seuntjie kommunikeer, leer hy nie om aan sy vader se aktiwiteite deel te neem nie. So sal die vader se gereedskap, onder andere, vir hom vreemd bly. Hy voel sy vader verwerp hom, terwyl sy vader die gevoel ontwikkel dat hy faal as manlike model. Die gevolg is dat die verwydering tussen vader en seun vergroot. Dit dra alles daartoe by dat die moontlikhede vir 'n neiging tot homoseksualisme vermeerder. Dieselfde moontlikheid bestaan ook by die seun wat vir lang rukke sonder sy vader moet klaarkom (O'Connor, 1964, p. 385-386).

Dit lei geen twyfel nie dat die moeder ook 'n invloed op die seun se seksuele ontwikkeling uitoefen, daarom sal ook hieraan aandag gegee word.

### 3.8.4.4 Benadeling as gevolg van die optrede van die moeder

Die moeder kan deur haar verkeerde optrede meehelp dat die seun in plaas van manlik, meer vroulik ontwikkel. Dit kom veral na vore waar nie 'n vader in die huis is nie, of waar die vader nie sterk optree nie.

Daar is gevind dat mans wat op die manlikheid-vroulikheidskaal meer vroulik toets en van wie die gedrag en reaksies as vroulik beskryf kan word, diegene is wat seksuele afwykings toon (Gough, 1952, p. 436). Indien die moeder se optrede teenoor haar seun dus sodanig is dat sy hom nie die geleentheid bied om sterk manlik te ontwikkel nie, sal dit meehelp dat hy meer vroulik as manlik ontwikkel, met die gevaar van seksuele afwykings.

Die moeder van die manlike homoseksualis is in baie gevalle die oorintense tipe (West, 1959, p. 94-95). Sy is geneig om haar babaseuntjie, wat sy besonder aantreklik vind, te veel te vertroetel en sy word sodoende vir hom die mees opmerklike persoon in sy lewe (Green, 1974, p. 239-241). Die moeder bind die seun te heg aan haar vas. Vir die vader is daar nie plek nie en hy tree ook nie doelbewus tussenbeide nie. Hierdie oorintense verbinding lei tot 'n nou verbonde, seksueel-gekleurde moeder-seunverhouding en

verlaag die seun se kanse om gesonde heteroseksuele verhoudings aan te knoop (O'Connor, 1964, p. 387-390; Evans, 1969, p. 133-135; Thompson, et al., 1973, p. 123-126). Wanneer die seuns groter word, is die moeders geneig om hulle te ontmoedig om aan manlike aktiwiteite deel te neem en beloon die seuns gewoonlik vir hulle vroulike gedrag (Gundlach, 1969, p. 138; O'Connor, 1964, p. 384,387-390; vgl. par. 3.6.6.3).

Dit gebeur dat, as die vader te sterwe kom, die moeder toelaat dat een van die seuns, gewoonlik die oudste by haar in dieselfde bed slaap. Vir albei is dit 'n vertroosting na die verlies van 'n geliefde. Die moeder vergeet egter dat die liggaamlike kontak vir die seun 'n sensuele afhanklikheid van haar meebring. Die seun bly uitermate geheg aan sy moeder en dit lewer later vir hom probleme by sy keuse op seksuele vlak (Summit en Kryso, 1978, p. 240-241).

### 3.8.4.5 Gesamentlike bydrae van die ouers

Afgesien van elk van die ouers se aparte optrede, kan hulle in hulle gesamentlike optrede, of ook individueel in die gesamentlike optrede, die seun in sy vorming en groei op seksuele vlak beïnvloed.

Soms is die ouers se optrede vir die kind verwarrend omdat die voorbeeld wat 'n ouer vir 'n kind stel nie altyd duidelik geslagsgerig is nie. Money en Ehrhardt (1972, p. 16) het, onder andere, 'n dubbelsinnigheid

vasgestel by die geslagsgeskikte seine wat van ouer na kind oorgedra word. By die seun kan hierdie optrede vervrouliking in die hand werk. 'n Beduidende negatiewe korrelasie is deur Sears gevind tussen die ouers se seksuele angs en die versorging van die kind. Die vader se seksuele angs, en nie dié van die moeder nie, het die beduidendste bydrae in die geslagsrolontwikkeling van die kind gelewer. Dit het ook 'n effek van vervrouliking op die seun gehad (Sears, 1965, p. 158-159).

Die manlike homoseksualis se ouers vervul derhalwe 'n belangrike rol. Dit kan selfs homoseksualisme in die hand werk. Die volgende dien ter bevestiging:

* Die oorintense moeder en die onbevredigende vader is die ouergroep wat in baie gevalle by homoseksualiste voorkom.
* Die homoseksualis met sterk inhibisies teen vroue, het gewoonlik ouers wie se onderlinge verhouding versteur is.
* In die meeste gevalle is dit 'n kombinasie van ouerverwantskappe wat die homoseksuele groep karakteriseer en nie soseer die ongewensde optrede van 'n individuele ouer nie (West, 1959, p. 94-95).

### 3.8.4.6 Samevatting

Die belangrike rol wat die vader vervul in die seksuele ontwikkeling van die seun, is duidelik. In

die geval waar die moeder deur haar optrede die seun negatief beïnvloed, behoort die vader in te gryp. Ook in gesinsverband lewer die vader 'n bydrae.

Indien die seun nie hulp ontvang nie, is die moontlikheid groot dat hy op seksuele vlak kan ontspoor. Ontsporing op hierdie gebied sal die emosionele lewe van die seun beïnvloed. Soos alreeds genoem, sal die emosionele lewe van die kind sy skolastiese prestasie beïnvloed (vgl. 3.8.2.6). Afwykings op seksuele vlak kan ook moontlik lei tot onderprestering, dit is derhalwe weer 'n beïnvloeding van die skolastiese prestasie.

### 3.8.5 Sedelike vlak

#### 3.8.5.1 Inleiding

Gouws, et al. (1979, p. 267) wys daarop dat elke gemeenskap sy eie kenmerkende sedes en gebruike het, wat die resultaat is van sy kulturele ontwikkeling. Van der Westhuizen (1963, p. 46) sê dat kultuur geestelike waardes en opvattinge omvat en dat dit gegrond is op die mens se lewensbeskouing en innerlike oortuigings. Die sedes, kultuur en die kulturele ontwikkeling van die mens kan dus nie van sy lewens- en wêreldbeskouing losgemaak word nie. Die sedes van die mens is derhalwe norme wat uit sy religie kom.

Die norme wat die Christen-gelowige ouer vir sy kind voorhou en wat ook sy sedelike norme behels, word alles teruggevoer na die wil van God. Dit bly die

onuitputlike bron van sy norme. Die sedelike norme van die mens word bepaal deur sy geloof, daarom ook sal die sedelike norme van die Christen op die Woord van God gebaseer wees. Dit wat die Christenvader vir sy seun sal voorhou, wat die sedelike betref, sal gebaseer wees op sy Christelike geloof en is saamgevat in die woorde *so sê die Here*.

Die kind sal dus sy sedes en gebruike, sy sosiale gewoontes en voorskrifte aanleer deur dit wat deur sy ouers vir hom voorgeskryf en voorgeleef word en ook deur met ander kinders te verkeer. Laasgenoemde veral, verwys na die samewerking met en wisselwerking tussen die leeftydsgenote (Piaget, 1932, p. 344). Dit wat die kind uiteindelik glo wat reg of verkeerd is, wat ook vervat sal wees in sy eie lewensbeskouing, sal egter grootliks gebaseer wees op wat hy van sy ouers ontvang. Piaget (1932, p. 355-357) verwys na Durheim wat benadruk dat in die sedelike ontwikkeling drie noodsaaklike elemente na vore kom, naamlik 'n gees van dissipline, die verbondenheid aan sosiale groepe en die selfbestuur van die wil. Daar is dus sprake van 'n gedragsordening deur in te skakel by die reëls soos deur die gemeenskap daargestel. Ook die kind se selfdissipline kom sterk na vore. Sowel ouers as gemeenskap moet dus die kind lei om in te skakel by genoemde sedes en norme. Dit sal meebring dat die kind selfkontrole en selfdissipline moet aanleer en dat hy sy eie begeertes en wense dienooreenkomstig sal aanpas (Ausubel, 1955, p. 380).

3.8.5.2 Rol van die vader

Die vader se lewensbeskouing en ook sy geloofsoortuiging vorm die kern van sy siening in verband met sedelikheid en dit dra hy weer oor aan sy seun. Die siening en oortuiginge wat die Christen-gelowige vader vir sy seun voorleef en voorhou, word dus uiteindelik die seun se beskouing.

Die vader is en bly die verteenwoordiger van die gemeenskap wat die waardes en standaarde, die gebruike, sosiale gewoontes en voorskrifte in die gesin indra (vgl. met sy instrumentele gerigtheid, par. 3.3.3). Die vader hanteer ook die huisgodsdiens. Hierin bring hy as verteenwoordiger van die kerk, die godsdiens terug na die huis.

Die vader is ook die verpersoonliking van dissipline en moraliteit in die gesin. Indien hy nie in die huis is nie, kan hierdie waardes nie effektief oorgedra word nie (Lamb, 1976a, p. 17, 27; Ginott, 1965, p. 168).

Die vader wat 'n besliste, duidelike standpunt inneem, wat sy vereistes duidelik en ferm stel, maar tog liefhebbend en deelnemend is, sal die geleentheid daarstel vir wedersydse persoonlike gevoelswisselwerking met sy seun. Sodanige verhouding sal die sedelike ontwikkeling van die seun bevorder. Moulton,et al. (1966, p. 361-363) het aangetoon dat sterk ouerlike dissipline, gekombineer met 'n hoë vlak van ouerlike toegeneentheid 'n verband toon met die seun se sensi-

tiwiteit ten opsigte van sedelike oortredings.

Die vader wat hoë sedelike waardes vir sy seun voorhou en dit ook self uitleef, vir sy seun dus die voorbeeld stel, sal bydra tot die ontwikkeling van 'n hoë sedelike peil by die seun. Holstein (1972, soos aangehaal deur Biller, 1976, p. 109) wys daarop dat die sedelik-volwasse adolessent se vader hoogs waarskynlik 'n hoë sedelike peil handhaaf maar terselfdertyd ook hartlik en versorgend is.

3.8.5.3 Verskillende standaarde van die ouers

Indien verskillende standaarde deur ouers gehandhaaf word, kan die sedelike ontwikkeling van die kind skade lei. Die kind sal vir homself 'n dubbele sedelike kode moet uitwerk, indien die vader byvoorbeeld streng is en die moeder meer toegeeflik in vergelyking met die vader. So 'n situasie is baie verwarrend en benadeel die kind se gesonde sedelike ontwikkeling (Flugel, 1970, p. 59; Cocking, 1973, p. 63-65; Eksteen, 1978, p. 225; Lowenstein, s.j., p. 30; Gorer, 1964, p. 54-55, 96). Die vader wat as hoof van die huis duidelike norme en standaarde vir sy gesin daarstel en wat deur albei ouers gehandhaaf en toegepas word, sal dus meehelp dat die seun goeie sedelike norme vir homself opbou.

Seuns wie se vaders nie tuis inwoon nie, verskil in hulle sedelike ontwikkeling van seuns wie se vaders wel in die huis is. Dit kan toegeskryf word aan die

feit dat die vaders nie daar is om as modelle te dien nie, maar ook daaraan dat die moeders in die afwesigheid van die vaders geneig is om hulle opvoedingsmetodes asook hulle norme te verander. Dit het vir die seun vertraging in sedelike ontwikkeling tot gevolg (Hoffman, 1971a, p. 405).

#### 3.8.5.4 Samevatting

Die vader lewer wel 'n belangrike bydrae in die seun se sedelike ontwikkeling. Dit is noodsaaklik dat die vader nie slegs voorskriftelik is nie, maar sy lewe moet ook vir die seun as voorbeeld kan dien. Die vader se bydrae kan in die gesinsopset ook nie ontbeer word nie. Die ouers wat gesamentlik vir hulle kind eenvormige norme voorhou, verseker sy gebalanseerde sedelike ontwikkeling.

Dit kan aanvaar word dat 'n gebalanseerde sedelike ontwikkeling by die seun, gebaseer op 'n Christelike lewensbeskouing, sal bydra tot groter roepingsbewustheid. Dit sal ook gemotiveerdheid meebring om vermoëns so goed as moontlik te ontwikkel en te benut. Aanvaarding van man-wees in *Sy* diens, sal uiteindelik 'n verantwoordelikheid, nie alleen teenoor eggenote en gesin nie, maar ook teenoor gemeenskap en volk, nog altyd in *Sy* diens tot gevolg hê.

## 3.9 ALGEMENE SAMEVATTING

Die vader kan nie anders as om, as opvoeder, langs en teenoor sy seun stelling in te neem nie. Hy is

egter meer as net gewone opvoeder, hy is Christelike opvoeder. Sy lewens- en wêreldbeskouing, wat die vrug van die religie is en ook in sy vaderhart veranker is, bepaal hoe en wat hy in sy seun sal ontsluit.

Hierdie opvoeding vind midde-in die gesin en in samewerking met die moeder plaas. Die vader neem soms standpunt teenoor die moeder in. Omdat haar rol meer ekspressief-superieur is, kan sy onbewus haar seun in die meer vroulike rigting beïnvloed. Die vader as opvoeder sorg dat dit nie gebeur nie en verhoed so dat die seun skade ly in sy vorming. Die instrumentele gerigtheid van die vader maak hom by uitstek die ouer wat die instrumentele gerigtheid en die tipies manlike eienskappe by die seun kan ontsluit.

Die aanvaarding en belewing van sy geslag as dié van man, is vir die seuntjie baie belangrik en redelik problematies. Die verloop daarvan sal tot ŉ baie groot mate bepaal of die seun uiteindelik self ŉ individu sal wees wat sy man-wees as gebalanseerde persoon belewe en uitlewe. Ook hierin vervul die vader ŉ besondere rol. Die vader wat in die huis teenwoordig is en ook betrokke is by die opvoeding van sy seun, verseker dat laasgenoemde se geslagsrolontwikkeling gelykmatig, bykans onopsigtelik verloop. Indien die vader nie in die huis teenwoordig is nie en nie hulp en sterk leiding verskaf nie, kan dit vir die seun redelik problematies verloop en tot ontsporing lei.

Die opvoeding deur die vader beïnvloed verskeie aspekte van die seun se persoonlikheidsontwikkeling en derhalwe ook die seun as geheel, as individu, as persoon.

Wat die seun se algemene persoonlikheid betref, is die bydrae van die vader vir die seun reeds op 'n baie vroeë stadium belangrik. Ook wat hierdie ontwikkeling van die seun betref, ly hy skade indien die vader nie tuis is nie. Die vader kan 'n besondere bydrae lewer om te verseker dat die seun se selfvertroue en derhalwe ook sy selfkonsep verstewig. 'n Positiewe selfkonsep kan baie daartoe bydra dat die seun wel op skool sukses behaal.

Die volledige ontwikkeling van elkeen van die besondere persoonlikheidsdimensies van die seun, is noodsaaklik vir die vorming van 'n gebalanseerde persoonlikheid. Die vader, indien teenwoordig, neem in die ontwikkeling van elkeen van die persoonlikheidsdimensies, 'n besondere plek in in die lewe van die seun. Dit sluit in die emosionele, sosiale, seksuele en sedelike ontwikkeling van die seun.

Die sosiale ontwikkeling van die seun is veral belangrik. Indien dit positief verloop, sal dit nie alleen asosiale gedrag uitskakel nie, maar dit sal die seun ook voorberei om met ander persone, veral met sy maats van albei geslagte en met persone in gesagsposisies, positief te verkeer. Dit sal dus meebring dat die seun met sy onderwysers en dosente kan saamwerk; 'n noodsaaklike vereiste vir sukses op die skolastiese

terrein.

Die emosionele, seksuele en sedelike ontwikkeling van die seun is nie minder belangrik nie, aangesien dit rondom die affektiewe belewenisse sentreer. Die seun se affektiewe belewenisse beïnvloed veral sy skolastiese prestasie. Dit bepaal ook hoedanig die seun as adolessent uiteindelik sy identiteitsoeke en identiteitsverwarring belewe en verwerk. Dit beïnvloed ook sy skolastiese prestasie.

Skolastiese prestasie kan nooit losgemaak word van die totale persoon wat by die skoolwerk betrokke is nie. Die hele mens is tog onteenseglik betrek by die gehalte van die skoolwerk wat hy lewer. Dit is derhalwe so dat elke faset van die seun se ontwikkeling belangrik is vir doeltreffende voorbereiding om, volgens die gawes wat hy ontvang het, so goed as moontlik op skool te presteer. Die bydrae van die vader as opvoeder, tot elke faset van die seun se ontwikkeling, kan derhalwe nie onderskat word nie.

Die Christen-vader is as Christen-opvoeder, besig met ontsluiting van sy seun en sal derhalwe ook sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing aan sy seun oordra. Die lig waarin die seun homself in die ontsluitingsproses sien en die lig wat deur die vader op die hartstoerusting van die seun laat val word, sal 'n weerkaatsing van sy Lig wees en derhalwe gebaseer op sy Woord. Die seun wat deur so 'n Christen-vader-opvoeder ontsluit is, sal as Christen 'n Christelike

lewens- en wêreldbeskouing van sy eie ontwikkel. Sô 'n seun sal 'n stewige manlike geslagsrolidentiteit hê, wat sal dien as basis vir al sy manlike optredes en verpligtinge, ook uiteindelik as eggenoot en vader in sy eie huisgesin. As seun met 'n gebalanseerde persoonlikheid sal hy ook 'n emosioneel stabiele persoon wees wat sosiaal goed aangepas is, wat nie alleen met sy gesinslede en maats kan kommunikeer nie, maar ook aanklank vind by sy onderwysers en dosente.

Ook wat sy skolastiese ontwikkeling betref, sal genoemde seun dus as gevolg van die bemoeienis van en ontsluiting deur sy vader uiteindelik as roepingsbewuste hom ook daarop rig om God te dien met sy hele lewe. As roepingsbewuste Christen met 'n eie Christelike lewens- en wêreldbeskouing, sal hierdie seun gemotiveer wees om sy intellektuele vermoëns wat hy as begenadigde ontvang het, sodanig te ontwikkel dat hy ook daardeur sy Meester na die beste van sy vermoë kan dien. Die bydrae van die vader vir sô 'n seun sal indirek ook wat sy skolastiese aktiwiteite betref van groot waarde wees.

Die vader bly in hierdie geval vir die seun die *ligtoring*, die *prisma*, wat die begeerde manlike ligfasette terugkaats, wat vir hom sy eie aangebore manlike instrumentele gerigtheid nie slegs ontsluit nie, maar ook in perspektief laat sien.

So 'n vader-seunverhouding dra ook daartoe by dat die seun met die vader identifiseer, juis omdat die vader

die geïdealiseerde, stewige manlike persoonlikheid as vader vir hom voorleef.

Heeltemal tereg het die Duitse humoris Wilhelm Busch gesê: "Vater werden ist nicht schwer; Vater sein dagegen sehr!" (Remmers en Drucker, 1951, p. 105).

Soos in paragraaf 1.1.1 gemeld, is die doel met hierdie navorsing,onder andere,om vas te stel wat die invloed van die seun se vaderidentifikasie op sy skolastiese prestasie is, daarom word identifikasie en vaderidentifikasie in hoofstuk vier volledig bespreek.